

DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN ONSTABIELE
ONDERWYSTOESTANDE

Ingedien deur

KURT ERMEL

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER: PROF. N.J. VREKEN

DEPARTEMENT: VAKDIDAKTIEK

FAKULTEIT: OPVOEDKUNDE

POTCHEFSTROOM

MEI 1990

DANKBETUIGING

Hiermee wens ek my opregte dank en waardering uit te spreek teenoor:

- * Prof. N.J. Vreken van die PU vir CHO wat as studieleier opgetree het vir sy leiding, begeleiding en baie geduld.
- * Prof. A.M.C. Theron wat gehelp het met die aanvanklike titel.
- * Die rektor van Sebokeng Onderwyskollege en die Departement professionele vakke vir die geleentheid om praktiese onderwys te help reël en waardevolle ondervinding op te doen.
- * Mnr. Louw Combrinck vir die finale rekenaarafronding, en vir die ure se geduld en toewyding.
- * Mnr. Willie Horn vir die leen van sy rekenaar.
- * Mev. Annatjie Combrinck en aan my vrou Marlene vir die taalkundige versorging.
- * Bo alles en almal: my dankbare erkentlikheid teenoor die Hemelse Vader vir die krag en genade om hierdie skripsie te kon voltooi.

HOOFSTUK 1

Probleemstelling, doel van die ondersoek, metodes van ondersoek en die werksprogram.

1.1	Probleemstelling en die aktualiteit van die navorsing	1
1.2	Die doel van die ondersoek	4
1.3	Metodes van navorsing	5
1.3.1	Literatuurstudie	
1.3.2	'n Empiriese ondersoek	
1.3.3	Populasie en steekproef	
1.4	Waarde van die ondersoek	6
1.5	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	6
1.6	Verloop van die navorsing	6
1.7	Hoofstukindeling	7
1.8	Samevatting van hoofstuk 1	7

HOOFSTUK 2

Faktore wat in ag geneem moet word by die reëling van praktiese onderwys by skole

2.1	Inleiding	8
2.2	Die begrip "praktiese onderwys"	8
2.3	Die noodsaaklikheid van praktiese onderwys	9
2.4	Doelstellings met praktiese onderwys	10
2.4.1	Inleidend	10
2.4.2	Enkele navorsingsprojekte rakende die doelstellings met praktiese onderwys in die buiteland	11
2.4.3	Enkele navorsingsbevindinge rakende die doelstellings met praktiese onderwys in Suid-Afrika	12-14
2.4.4	Samevatting van die doelstellings met praktiese onderwys	14-15
2.5	Die faktore wat in ag geneem moet word by die reëling van praktiese onderwys	15-16

2.6	Spesiale reëlings ten opsigte van praktiese onderwys soos van toepassing by die Sebokeng Onderwyskollege	16
2.6.1	Die skole se samewerking	16-18
2.6.2	Die student se keuse van 'n skool vir praktiese onderwys	18-19
2.6.3	Die aantal studente per skool	19
2.6.4	Die taalfaktor	19
2.6.5	Die skoolprogramme en die praktiese onderwystydperke by skole moet korreleer	19
2.6.6	Die opleidingsinrigtings moet onderling reël om alternatiewe keuses van skole te maak vir die doel van praktiese onderwystydperke	20
2.6.7	Die instruksies aan die skoolhoofde en die voogonderwysers	20
2.6.8	Die regte en pligte van studente tydens praktiese onderwys behoort duidelik op skrif gestel te word	20-21
2.6.9	Gemotiveerdheid van studente om hulle praktiese onderwysgeleenthede ten volle te benut - 'n vereiste vir sukses vir praktiese onderwys	21
2.6.10	Die studierigtings en vakpakette van sekondêre skole moet aan die praktiese onderwysorganiseerders bekend wees, asook die veranderinge wat daar aangebring word, soos nuwe vakke of die kansellering van sekere vakke	21
2.6.11	'n Nieu kontak tussen die praktiese onderwysorganiseerders en die betrokke skoolhoofde is wenslik om van praktiese onderwys by skole 'n sukses te kan maak	21-22
2.6.12	Normale onderwystoestande moet heers en nie toestande soos tydens 'n onlussituasie nie	22-23
2.6.13	Die aantal vakdidaktiekdosente moet voldoende wees om skole vir die afneem van evalueringslesse te besoek	23
2.6.14	Studente moet vroegtydig self met die skole finaal reëlings tref	23

2.6.15	Skole moet betyds in kennis gestel word wanneer die studente en die dosente die skole sal besoek	23
2.6.16	Die funksie en doel van 'n praktiese onderwys-studenteleier	23
2.7	'n Oorsig oor die onstabiele onderwys-toestande in swart onderwys	24
2.7.1	Die verloop van die krisis in die swart onderwys	24-26
2.7.2	Toestande met besondere verwysing na Sebokeng	26-28
2.8	Samevatting van Hoofstuk 2	28

HOOFSTUK 3

'n Empiriese ondersoek ten opsigte van die aanbieding van praktiese onderwys by skole tydens onstabiele onderwystoestande in die Vaaldriehoek en moontlike oplossings ten opsigte van die reëling van praktiese onderwys by skole

3.1	Inleiding	29
3.2	Die keuse van die meetinstrumente	29
3.2.1	Die vraelys as meetinstrument	29
3.2.2	Tipes vraelyste	29
3.2.3	Redes vir die keuse van die vraelys vir hierdie navorsing	30
3.2.3.1	Die voordele van die vraelys	30
3.2.3.2	Die nadele van die vraelys	30
3.2.4	Vereistes by die opstel van die vraelys	31
3.2.5	Die loodsvraelys	31
3.2.6	Die finale vraelys	31
3.2.7	Die populasie	31
3.2.8	Die doel met die vraelys	32
3.2.9	Die besondere doel van elke vraag	32-38
3.3	Bevindings, besprekings en gevolgtrekkings ten opsigte van elke vraag	38-54
3.3.1	Vraag 1 : Invloed van onluste op praktiese onderwys	39

3.3.2	Vraag 2 : Optrede van die skoolhoof ten opsigte van praktiese onderwys by skole tydens onlustoestande	39-40
3.3.3	Vraag 3 : Moet studente skole besoek tydens onlustoestande	40
3.3.4	Vraag 4 : Toestande tans	41
3.3.5a	Vraag 5a: Veiligheid van dosente	41-42
3.3.5b	Vraag 5b: Dosentebesoeke aan skole individueel of in groepe	42
3.3.6	Vraag 6 : Veiligheid van damesdosente	42-43
3.3.7	Vraag 7 : Moontlikheid om 'n praktiese onderwysmodel vir onstabiele toestande te struktureer	43
3.3.8a	Vraag 8a: Skoolhoofde se hantering van die veiligheid van dosente by skole	44
3.3.8b	Vraag 8b: Radio-kontak by skole	44-45
3.3.9	Vraag 9 : Voorafbesoek deur studente	45
3.3.10	Vraag 10: Moontlike modelle	45-54
3.3.10.1	Model 1	
3.3.10.1.1	Bevindings ten opsigte van Model 1	45-46
3.3.10.1.2	Bespreking ten opsigte van Model 1	46
3.3.10.1.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 1	46
3.3.10.2	Model 2	
3.3.10.2.1	Bevindings ten opsigte van Model 2	46-47
3.3.10.2.2	Bespreking ten opsigte van Model 2	47
3.3.10.2.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 2	47
3.3.10.3	Model 3	
3.3.10.3.1	Bevindings ten opsigte van Model 3	47-48
3.3.10.3.2	Bespreking ten opsigte van Model 3	48
3.3.10.3.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 3	48
3.3.10.4	Model 4	
3.3.10.4.1	Bevindings ten opsigte van Model 4	48-49
3.3.10.4.2	Bespreking ten opsigte van Model 4	49

3.3.10.4.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 4	49
3.3.10.5	Model 5	
3.3.10.5.1	Bevindings ten opsigte van Model 5	49-50
3.3.10.5.2	Bespreking ten opsigte van Model 5	50
3.3.10.5.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 5	50
3.3.10.6	Model 6	
3.3.10.6.1	Bevindings ten opsigte van Model 6	50-51
3.3.10.6.2	Bespreking ten opsigte van Model 6	51
3.3.10.6.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 6	51
3.3.10.7	Model 7	
3.3.10.7.1	Bevindings ten opsigte van Model 7	51-52
3.3.10.7.2	Bespreking ten opsigte van Model 7	52
3.3.10.7.3	Gevolgtrekking ten opsigte van Model 7	52
3.3.10.8	Model 8	
3.3.10.8.1	Bevindings ten opsigte van Model 8	53
3.3.10.8.2	Bespreking ten opsigte van Model 8	53
3.3.10.8.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 8	53
3.3.11	Algemene gevolgtrekkings uit die bevindings van die vraelys	54
3.4	Addisionele inligting bekom deur middel van 'n gestruktureerde onderhoud	
3.4.1	Inleiding	55
3.4.2	Die onderhoud as metode van navorsing	55
3.4.3	Die voordele van die onderhoud	55-56
3.4.4	Die nadele van die onderhoud	56-57
3.4.5	Die onderhoud self	57-58
3.4.6	Gevolgtrekkings ten opsigte van die onderhoud	58-59
3.5	Samevatting	59

Hoofstuk 4

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

4.1	Inleiding	60
4.2	Die verband tussen instituutpraktikum en skoolpraktikum	60
4.3	Die invloed van onstabiele toestande op praktiese onderwys by skole	60
4.4	Die doel van hierdie skripsie	61
4.5	Gevolgtrekkings	
4.5.1	Verstandhouding tussen die skole en die opleidingsinrigting	61
4.5.2	Gevolgtrekkings na aanleiding van die empiriese ondersoek ten opsigte van die invloed van die onlusituasie op praktiese onderwys by skole (Vraag 1 tot 9)	61-62
4.5.3	Gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoek van alternatiewe modelle ten opsigte van praktiese onderwys (Vraag 10)	62-63
4.6	Aanbevelings	
4.6.1	Faktore wat in aanmerking geneem moet word by die reël van praktiese onderwys by skole	63-64
4.6.2	Die kringinspekteurs en die skoolhoofde se rol en samewerking in die reëling en aanbieding van praktiese onderwys by skole	64-65
4.6.3	'n Basiese handleiding vir praktiese onderwys vir studente, dosente en skoolhoofde	65-66
4.6.4	Die kontrolelys of stiplys vir praktiese onderwys	66
4.7	Aanbevelings vir praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande	66-67
4.8	Slotopmerking	67

BRONNELYS	68-72
-----------	-------

Bylae

Bylaag A: Departementele opdragte aan studente

Bylaag B: Versoeke aan skoolhoofde van die kollege

Bylaag C: Die vraelys

- Bylaag D: Voorbeelde van stiplyste
- Bylaag E: Inhoudsopgawe van Sebokeng Onderwyskollege
se werkboek vir praktiese onderwysopdragte
- Bylaag F: Inhoudsopgawe van die PU vir CHO se inlig-
tingstuk
- Bylaag G: Vaal Progressive Teachers' Organisation
se manifes

"ABSTRACT"

1. Title

The practical training of student teachers during unstable teaching conditions

2. Abstract

Teaching Practice must be seen and accepted as an integrated part of the professional training of student teachers.

The constitutional development in die RSA in 1984 resulted in tremendous political, social and economical changes. An important result was the country wide riot situation and the declaration of a state of emergency. In the Vaal Triangle the problem of the rent as well as the rejection of regional government had a great influence on the development of the riot situation that could not have been foreseen.

The uncertain conditions that were documented in news papers as summarised by Snyman in her investigation concerning the crisis in black education in South Africa since 1985, television broadcasting, news bulletins and investigations like the Van der Walt commission, had a tremendous influence on the teaching profession. These conditions had a great influence on Teaching Practice of student teachers at schools. The influence of the riot situation and the uncertain conditions thereafter on teaching practice is the main theme of this script.

On the 3rd of September 1984 Sebokeng College of Education, which was at that time centered in Zone 7 in Sebokeng was put on fire. The whole administrative section, including the staff room, the rector's office as well as all documentation, duplication facilities, computers, typewriters and most of the furniture was totally destroyed.

Many schools had to be closed and others only functioned on a daily basis. The matric final examination wasn't written. The next years 1985 and 1986 were very uncertain concerning security. Students of the Sebokeng College of Education attended in 1985 and thereafter classes as usually but Teaching Practice couldn't take place as usually. The normal procedure before the riots was that students visited schools and lecturers visited these schools on certain days to evaluate lessons of students. All evaluation lessons were now being presented at the college for fellow students or at farm schools that were not influenced by the riots.

Although the yearly moderation of Teaching Practice could take place at schools for Blacks in the Vaal Triangle in 1985, this was not made possible in 1986. There were no pupils at schools at the time moderation had to take place. For this reason farm schools had to be made use of.

Although conditions have stabilized and schools function again as usual, a riot situation can again occur in future.

universities as well as other Education Departments, stipulate it clearly that Teaching Practice has to be done at schools and not at the teacher training institution only.

The dilemma is that there are certain prescribed rules for Teaching Practice but during a riot situation these can't be put to practice, because of the uncertain safety conditions.

The main questions to be investigated were:

- a. How did the riot situation influence Teaching Practice of student teachers of Sebokeng College of Education?
- b. Can a model for Teaching Practice be structured for abnormal teaching conditions?

The aim of this investigation was to indicate the influence the riot situation actually had on Teaching Practice. This investigation also suggests eight different alternatives for Teaching Practice during a riot situation. These two basic investigations were done by means of a structured questionnaire that was given to all principals in the Vaal Triangle.

The results were that the riot situation had a tremendous influence on Teaching Practice and that conditions are at this stage being stabilized. The best alternative models for the normal Teaching Practice is to make use of schools for one or two days, to make use of farm schools and to let the principals inform the college if conditions are not suitable for Teaching Practice.

HOOFSTUK 1

Probleemstelling, doel van die ondersoek, metode van ondersoek.

1.1 Probleemstelling en die aktualiteit van die navorsing.

Praktiese onderwys vorm 'n integrale deel van die professionele opleiding wat voornemende onderwysstudente by skole deurloop. As opleidingsinrigting vir onderwysers is die beplanning en organisering van praktiese onderwys dan ook een van die bestuurstake wat aan 'n onderwyskollege of opleidingsinrigting vir onderwysers verrig moet word.

Die nuwe konstitusionele bedeling in die RSA wat in 1984 in werking getree het, het nuwe vraagstukke op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied meegebring en bepaalde verwickelinge tot gevolg gehad. Die belangrikste was die landswye onlussituasie en die maatreëls om 'n noodtoestand af te kondig ten einde wet en orde te probeer herstel. Gegaardgaande hiermee was ook die kwessie van die huishuur in die Vaaldriehoek. Onderliggend het die swart stadsrade die gedagte van plaaslike bestuur verwerp, aangesien dit nie direkte inspraak in die landsregering tot gevolg sou hê nie (Lekoa stadsraadsondersoeke 1985 - 1988). Dit het bygedra tot die onvoorsiene afmetings wat die onlustoestande in die Vaaldriehoek aangeneem het (Van der Walt, 1985:10-34; Kriel, 1984: 1 - 17; Meerkotter, 1985:2).

Die onlussituasie het 'n krisis in swart stedelike onderwys meegebring, soos uit nuusberigte en televisie-dekking afgelei kan word. Verskeie kere moes skole gesluit word omdat die owerhede nie die fisiese veiligheid van leerkragte en skoliere kon verseker nie. Dissipline het by skole totaal begin ontbreek. Skole en teknikons het die bymekaarkomplek van anargistiese elemente geword (Snyman, 1987:2). Die navorsingspersoneel van die Sentrum vir die Onderzoek na Rewolusionêre Bedrywighede (1987) het sekere probleme in swart onderwys soos uit koerante afgelei kan word, saamgestel. Hierdie probleme het veral betrekking op toestande sedert September 1984 en daarna. Die volgende is slegs enkele algemene probleme wat geïdentifiseer is:

"- Swartes beskou die onderwysstelsel as onregverdig en minderwaardig in vergelyking met die van die blanke skoliere" (Snyman, L. 1987 'n Oorsig van die krisis in swart stedelike onderwys: 3)

"- Die RGN het bevind dat "afsonderlike" maar "gelyke" onderwys nie geloofwaardig is vir die swartes nie, omdat hulle dit nie beleef en ondervind nie" (Snyman, 1987:3)

"- Die onderwys word verpolitiseer en is die oorsaak van baie onrus by die swart skole. Dit is ook nou verwant aan die huidige ekonomiese klimaat, deurdat gebeure op hierdie gebied oorspoel na die skole" (Snyman, 1987:3)

Ander interessante feite is die bevindinge van die Instituut vir Toekomststudies aan die Universiteit van Stellenbosch wat kortliks die volgende insluit:

- * "die huidige onderwysstelsel is verouderd en kultureel bevooroordeeld" (Snyman, 1987:3)
- * "die handboeke in sekondêre skole is 'n erfenis van die blanke, maar tot nadeel van die ander bevolkingsgroepe" (Snyman, 1987:4)
- * "leerplannne is problematies" (Snyman, 1987:4)

Ander probleme is statisties weergegee, soos byvoorbeeld:

- * "daar bestaan 72 tegniese kolleges vir blankes, 42 vir swartes, 13 vir kleurlinge en 5 vir Indiërs" (Snyman, 1987:4)
- * en "as geheel is 78% van die onderwysers aan swart skole nie voldoende opgelei nie" (Snyman, 1987:4)

Daar word ook deur verskeie organisasies eise gestel, wat weer van gebied tot gebied wissel, soos byvoorbeeld: "Die afdanking van onderwysers word geëis is waar hulle leerlinge onnodiglik gedruip het." (Snyman, 1987:7)

As daar 'n studie van die krisis in swart onderwys sedert 1985 in die RSA onderneem sou word, dan is daar veral drie terreine, wat probleme oplewer:

- * Die probleme in die onderwysstelsel, waaronder die opleiding, die onderwysfasiliteite, die handboekinhoud en die hoë druipsyfer resorteer.
- * Die onrealistiese eise, soos die afdanking van onderwysers, wat gestel word deur leerlinge, ouers en soms deur swart onderwysersverenigings.
- * Die hervormings wat reeds plaasgevind het, naamlik die verskaffing van handboeke en skryfbehoeftes en die beter opleiding van onderwysers en die daarstelling van nuwe geboue, het nog nie in alle gebiede gerealiseer nie.

Die gevoel van die swart bevolking kan saamgevat word in 'n berig in die Sowetan van 23 Mei 1985 wat vermeld dat die probleme rondom swart onderwys in die land as 'n nasionale krisis beskou moet word (Snyman, 1987:3) In die uitgawe van 4 September 1985 van die Sowetan word die Departement van Onderwys en Opleiding geblameer vir alle probleme rondom swart onderwys (Snyman, 1987:3).

Die navorsingspersoneel van SORB noem die volgende belangrike gevolgtrekkings ten opsigte van die krisis in swart onderwys.

- * Dit is duidelik dat swart onderwys as 'n basis van die apartheidsstelsel beskou word.
- * 'n Groter beherende aandeel in swart onderwys word vir die swart gemeenskap in Peoples's Education opgeëis.
- * Die verloop van die krisis toon ook aan dat talle onderwyshervormings nie deur die swart gemeenskap erken word nie, of 'n bron van verdere politieke teenstand

vorm.

- * Dit kan nie ontken word nie dat daar nog 'n groot aantal onderwyskundige kwessies in swart onderwys bestaan wat nog deur die onderwysowerhede aangespreek sal moet word. Hier word onder andere verwys na die tekort aan onderwysers, klaskamers en handboeke.
- * Dit sou onverantwoordelik wees om aan te voer dat die onderwyskrisis deur eenmalige beleids wysigings bygelê sal word. Die komplekse aard van die krisis dui daarop dat dit meer bevredigend aangespreek sou kon word indien alle betrokke partye tot 'n algemeen aanvaarbare ooreenkoms sou kon kom.
- * Watter maatreëls en skemas ookal beplan of gevra word om die agterstand van swart onderwys uit te wis, moet aanvaar word dat swart onderwys nog sommige fases van ontwikkeling moet deurgaan waar blanke onderwys al verby is. Daar moet aanvaar word dat die Regering se tien jaar plan om swart onderwys op te hef, kan baat by die mate waarin die swart gemeenskap ook seggenskap het in swart onderwys (Snyman, 1987: 17-19.)

Die onlusituasie het sedert 1984 aansienlike probleme by onderwyskolleges vir swartes in die hele PWV -streek meegebring en veral ook vir Sebokeng Onderwyskollege. Dit het ook 'n uitwerking op die reël van praktiese onderwys gehad. Op 3 September 1984 is die Sebokeng Onderwyskollege se administratiewe blok deur brandstigting vernietig en sodoende het alle dokumente en kantoortoerusting in die slag gebly (Redelinghuys, 1985:4; S.A.P.- rekords 1984-1985). Verskeie skole vir swart leerlinge in die Vaaldriehoek is deur brandstigting in puin gelê en talle ander skole is ernstig beskadig, so erg dat die geboue tot vandag toe nog nie weer herstel is nie (1986-Streekopnames; S.A.P.- rekords 1984-1985).

Talle skole het nie meer as skool gefunksioneer nie, en studente wat na hierdie skole wou gaan vir hulle praktiese onderwys, moes na ander skole uitgeplaas word. Baie studente is deur betogende leerlinge van skole verdryf soos weerspieël uit talle briewe van skoolhoofde gedurende 1985 - 1986, waarin die redes vermeld word, waarom studente nie praktiese onderwys by die skole kon deurloop nie. In 1985 moes die personeel en die toerusting van die Sebokeng Onderwyskollege byvoorbeeld binne een dag verskuif word, aangesien die blanke personeel se lewens bedreig was (S O K Personeelvergaderingnotule, 1985:2-3).

Praktiese onderwys kon nie meer op die normale wyse georganiseer word nie. Dieselfde toedrag van sake was ook aan die orde van die dag by ander onderwyskolleges vir swartes in die PWV -streek.

Alhoewel die jaarlikse moderering van praktiese onderwys vir die senior en junior primêr onderwysdiplomakursusse aan die Sebokeng Onderwyskollege by skole vir swart leerlinge binne swart woongebiede in die Vaaldriehoek in 1985 kon plaasvind, was dit in 1986 nie moontlik nie. Op daardie tydstip was leerlinge van die skole afwesig en is geïntimideer om weg te bly. Dieselfde toedrag van sake was ook aan die orde van die dag by die ander onderwyskolleges vir swartes landswyd. By Sebokeng

Onderwyskollege moes noodgedwonge van plaasskole, wat nie geraak is deur die onlustoestande nie, gebruik gemaak word (DOO, 1986: "Modereringsverslag" :2).

Ten spyte van die feit dat toestande gedurende 1987 gedeeltelik genormaliseer het en in 'n mate gestabiliseer het, kan soortgelyke situasies as die van 1984 en daarna in die toekoms weer voorkom. Veral as van die eise wat gestel is, nie toegestaan kan word nie, soos byvoorbeeld die eis om die vrylating van alle gevangenesse wat tydens onrus op kriminele aanklagte in hegtenis geneem is, (Snyman, 1987:7) kan 'n krisissituasie weer ontstaan.

Weinig van die blanke personeellede aan Sebokeng Onderwyskollege was volgens 'n persoonlike opname bereid om vir praktiese onderwys na skole binne swart woongebiede te gaan sonder streng sekuriteitsbeskerming. Gedurende 1986 en 1987 is slegs van vrywilligers gebruik gemaak om lesse by skole te evalueer. Streng veiligheidsmaatreëls is vooraf getref (SOK 1986-1987: Notules).

Die Departement van Onderwys en Opleiding se voorskrifte rakende praktiese onderwys spel dit duidelik uit dat praktiese onderwys by skole en nie byvoorbeeld by die onderwyskollege of ander opleidingsinrigting vir onderwysstudente vir swartes moet plaasvind nie (DOO, 1988 "Structure's : 2,4 en 5). Studente verkies ook om veel eerder lesse by skole voor leerlinge aan te bied as byvoorbeeld voor mede-studente by die onderwyskollege (SOK Studentevraelys:1988).

Die dilemma van die huidige situasie is dus dat daar enersyds bepaalde voorskrifte van die Departement van Onderwys en Opleiding ten opsigte van praktiese onderwys bestaan en dat hierdie voorskrifte tans as gevolg van onlusprobleme binne swart onderwys in die RSA, en spesifiek in die Vaaldriehoek nie altyd nagekom kan word nie.

Uit die voorgenoemde problematiek ontstaan die volgende vrae:

- * Hoe word praktiese onderwys onder normale toestande gereël?
- * In watter mate is die reëling van praktiese onderwys aan onderwyskolleges vir swartes in die Vaaldriehoek sedert die 1984 - onluste beïnvloed en op watter wyse word dit tans wel gereël?
- * Hoe beïnvloed die probleme wat skoolhoofde ervaar die reël van praktiese onderwys?
- * Hoe behoort 'n reëlingsmodel vir praktiese onderwys aan onderwyskolleges vir swartes in die Vaaldriehoek onder die omstandighede van 'n onlusituasie gestruktureer te wees?

1.2 Die doel van die ondersoek

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om vas te stel wat die effek van onluste binne swart onderwys sedert 1984 op die reël van praktiese onderwys aan onderwyskolleges vir swartes in die Vaaldriehoek was en hoe hierdie probleem in die toekoms die

hoof gebied kan word. Die onderwystoestande in die PWV-gebied het tydens die onluste so ontaard dat baie studente nie meer praktiese onderwys kon deurloop nie. Daar is selfs as eis gestel dat tweetaligheid en praktiese onderwys nie as vereistes moet dien vir die kwalifisering van onderwysers nie (Snyman, 1987:8)

Om bogenoemde doelstelling te bereik, kan die volgende spesifieke doelwitte onderskei word:

- om te bepaal hoe praktiese onderwys onder normale omstandighede gereël word;
- om te bepaal in watter mate die reëling van praktiese onderwys aan onderwyskolleges vir swartes in die Vaaldriehoek sedert 1984 deur onluste beïnvloed is, en op watter wyse praktiese onderwys wel gereël word;
- om te bepaal hoe probleme wat skoolhoofde ervaar, die reël van praktiese onderwys in die Vaaldriehoek beïnvloed;
- om aan te dui hoe 'n reëlingsmodel vir praktiese onderwys aan onderwyskolleges vir swartes in die Vaaldriehoek gestruktureer behoort te wees tydens onlustoestande.

1.3 Die metodes van navorsing

Om die probleemvrae te beantwoord en die doel van die ondersoek te bereik, word die volgende metodes aangewend:

1.3.1 Literatuurstudie

'n Intensiewe literatuurstudie van onder andere die vereistes vir praktiese onderwys van die Departement van Onderwys en Opleiding, en enkele ander departemente en universiteite, is onderneem. Die literatuurstudie is toegespits op die vereistes rakende die reëling van praktiese onderwys en hoe dit by die verskillende instansies geïmplementeer word. 'n "DIALOG - soektog" is onderneem met die volgende trefwoorde: "Practical teaching"; "Black student education"; "Teacher training" en "Violence in black education".

Verslae en koerante se weergawes van die onlustoestand en die gevolge daarvan op praktiese onderwys is bestudeer.

Veral die Sentrum vir die Onderzoek na Rewolusionêre Bedrywighede se oorsig van die krisis in swart stedelike onderwys is in detail bestudeer.

1.3.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek bestaan uit die volgende :

1.3.2.1 'n Vraelys wat deur die skoolhoofde van swart skole in die Vaaldriehoek ingevul sal word.

1.3.2.2 'n Gestruktureerde onderhoud met mnr. B.J Vorster, wat verskeie onluste beleef het en tans nog verbonde is aan Sebokeng Onderwyskollege.

1.3.3 Populasie en steekproef

Aan alle skoolhoofde van gemeenskapskole vir swartes in die Vaal-driehoek sal 'n vraelys tydens 'n byeenkoms van skoolhoofde gegee word om in te vul, 112 in totaal (teikengroep). Vyf-en-negentig (95 wat 84.4% is) is terugontvang.

Daar is van tien skoolhoofde as steekproef gebruik gemaak word om die loodsvraelys te toets.

1.4 Die waarde van die ondersoek

Om vir die dosente van onderwyskolleges en universiteite aan te dui hoe praktiese onderwys wel tydens onlustoestande gereël kan word en om verskillende alternatiewe moontlikhede aan te dui waarvan gebruik gemaak kan word om wel praktiese onderwys te laat plaasvind, aangesien praktiese onderwys so 'n belangrike rol speel in die opleiding van toekomstige onderwysers, soos die RGN - verslag dit duidelik uit spel. Die verslag bepleit dat onderwyspraktika sy regmatige plek moet kry. (RGN - verslag, 1981:183)

Die bevindings sal slegs vir die Vaaldriehoek geld en nie vir die hele Transvaal of die RSA nie.

1.5 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

* Die navorser is in diens van die Departement van Onderwys en Opleiding en is in die Vaaldriehoek woonagtig. Hy is sekretaris van die praktiese onderwyskomitee by die kollege en het dus noue kontak met skoolhoofde en kringinspekteurs. Hy het persoonlik die 1984 - onluste in Sebokeng meegemaak.

* Bronne, soos die departementele voorskrifte en vereistes, is beskikbaar. Die navorser is ook lid van die departementele sillabuskomitee vir professionele vakke wat praktiese onderwys insluit. Koerante se weergawes van die 1984 - onlusgebeure is by biblioteke beskikbaar.

1.6 Verloop van die navorsing

Die probleem sal gestel word en die faktore vir die suksesvolle reëling van praktiese onderwys sal verduidelik word. Tydens 'n praktiese onderwyshoofdevergadering sal vraelyste uitgedeel word en gevra word dat skoolhoofde dit daar invul en dadelik terugbesorg. Hoofde wat die vergadering weens ander verpligtinge nie kan bywoon nie, sal tydens middagklasse of tydens 'n persoonlike besoek aan die skole gevra word om die vraelys in te vul.

Daar sal ook 'n gestruktureerde onderhoud met 'n voormalige departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege gevoer word. Verder sal beoog word om moontlike modelle wat vir die reëling van praktiese onderwys gebruik sou kon word tydens onlustoestande, te formuleer.

1.7 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Probleemstelling, doel van die ondersoek, metode van die ondersoek en die werksprogram.

Hoofstuk 2: Faktore wat in ag geneem moet word by die reëling van praktiese onderwys.

Hoofstuk 3: 'n Empiriese ondersoek ten opsigte van die aanbieding van praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande in die Vaaldriehoek asook moontlike oplossings vir die reëling van praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande.

Hoofstuk 4: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.8 Samevatting

In hoofstuk een is die probleem en die aktualiteit van die navorsing verduidelik, toegelig uit relevante koerantberigte en gebeurtenisse wat self beleef is. Navorsers was verantwoordelik vir die reëling van praktiese onderwys en die probleme wat ondervind is tydens onstabiele onderwystoestande in die Vaaldriehoek, het aanleiding gegee tot hierdie studie. Die doel van die navorsing is ook toegelig en die metodes van navorsing is bespreek.

HOOFSTUK 2

Faktore wat in ag geneem moet word by die reëling van praktiese onderwys by skole

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar aangedui word dat daar deur verskeie opvoedkundiges en opvoedkundige instellings bepaalde doelstellings met die praktiese opleiding van onderwysstudente neergelê word. Daar bestaan 'n noue verband tussen die verskillende doelstellings met praktiese onderwys en die faktore vir die suksesvolle aanbieding van praktiese onderwys. Hierdie verband sal in hierdie hoofstuk aangedui word.

2.2. Die begrip "praktiese onderwys"

Opvoedkundiges is dit nie eens watter term gebruik behoort te word nie. Van Eeden (1969:42), Calitz (1980:18), Mc Farlane (1981:94) en Vreken (1989:2) gebruik die term "praktiese onderwys", terwyl Gresse (1975:95) asook Pienaar (1982:118) die term "proefonderwys" verkies. Daar is ook ander terme soos "oefenonderwys" (Van den Berg 1969:44) en "skoolpraktyk" (Van der Stoep 1978:27). In Duits kom die terme "Schulpraktikum" en "Lehrprobezeit" voor, terwyl die Departement van Onderwys en Opleiding by alle kolleges in die RSA van "Teaching Practice" praat. Aangesien die term praktiese onderwys deurgaans gebruik word by die Departement van Onderwys en Opleiding en dit alle komponente van praktiese opleiding van onderwysstudente insluit, word deurgaans in hierdie skripsie van die term "praktiese onderwys" gebruik gemaak.

Instituutpraktikum en skoolpraktikum is die twee hoofkomponente van die kursus in praktiese onderwys

Institusionele praktikum is die voorbereidende fase vir skoolpraktikum en vind by die opleidingsinrigting plaas. Dit behels mikro-onderrig, lesvoorbereiding, die maak van onderrigmedia, die verskillende metodes om 'n les uit te skryf en die bestudering van die metodes van aanbieding van lesse.

Skoolpraktikum vind by die skool plaas waar die kennis wat tydens die instituutpraktikum opgedoen is, by skole toegepas word.

Hierdie twee hoofkomponente is nie losstaande van mekaar nie en Calitz (1980:11) beklemtoon die belangrikheid van die twee komponente soos volg: "Instituutpraktikum en skoolpraktikum word gesien as twee kragvelde wat progressief en om die beurt invloed uitoefen op die professionele vorming van die student-onderwyser"

Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar 'n spesifieke "Organisationsmodell" vir praktiese onderrig gevolg behoort te word soos Dietrich et al. (1972:66) voorstel:

- * Audio-visuele skoolpraktikum.
- * Die verskillende vertakkinge van opvoedkunde en onderwyskunde, soos historiese opvoedkunde en empiriese opvoedkunde.

- * Lesanalise en lesevaluering.
- * Waarnemingpraktikum wat die waarneming van onderrigvaardighede behels.
- * Mikro-onderrig - die oefening van onderrigvaardighede.
- * Twee praktiese onderwystydperke van ses weke elk.
- * Vakdidaktiese praktikum toegespits op die keusevakke, en van toepassing op die primêre en die sekondêre fase van die skool.
- * Vakdidaktiese praktikum toegespits op die byvakke.
- * Vakdidaktiese praktikum toegespits op die sekondêre fase van die skool.
- * 15 - 18 maande beroepstoetrede tydperk.

Indien die jaarboeke van universiteite in Suid-Afrika nageslaan word, kan vasgestel word dat elke universiteit 'n bepaalde program vir praktiese onderwys het. Daar is sekere basiese programme, afhangende van die kursus wat gevolg word.

Dit gaan dus hier om 'n basiese strategie ten opsigte van praktiese onderwys wat algemene praktyk by alle onderwysopleidingsinrigtings geword het. Daar bestaan 'n basiese konsep ten opsigte van gerigte waarneming en sekere waarnemingsopdragte asook praktiese onderwys. Daar bestaan bepaalde voorskrifte wat praktiese onderwys behels en wat van studente, voogonderwysers, skoolhoofde en dosente tydens praktiese onderwystydperke by skole verwag word. Hierdie inligting is in jaarboeke of inligtingstukke beskikbaar.

2.3 Die noodsaaklikheid van praktiese onderwys

Praktiese onderwys is 'n uiters noodsaaklike deel van opleiding wat onderwysstudente by skole behoort te deurloop, want indien die opvoedingswetenskap " ohne Bezug auf die Berufspraxis des Lehrers betrieben werden, können sie sich in der Schule nicht verständlich machen" (Dietrich et al., 1972:31-32).

Opvoedkundiges sowel as studente is dit eens dat praktiese onderwys van kardinale belang in die opleiding van toekomstige onderwysers is, soos Dietrich et al. (1972:65) tereg opmerk as hy beweer dat " die schulpraktische Ausbildung ein integraler und integrierender Bestandteil des Gesamtstudienganges an der Pädagogischen Hochschule ist. Sie ist Ausdruck des Berufsbezogenen Studiums, das durch eine enge Verflechtung von Theorie und Praxis gekennzeichnet ist". Volgens Downs (1965) en Adams & Dickey (1964) moet praktiese onderwys as 'n besonder belangrike komponent beskou word.

Tydens praktiese onderwys kry die studente die geleentheid om onderwysvaardighede (Cohen & Manion, 1977:23) soos geoefen tydens mikro-onderriggeleenthede werklik toe te pas en die voordele en nut van mikro-onderrig te besef. Daar is sekere hooffigure by praktiese onderwys betrokke, naamlik die dosent, die voogonderwyser, die skoolhoof en die student. Eers na 'n

praktiese onderwysessie kom die student tot die besef wat die nut en die waarde van mikro-onderrig is en waarom die vaardighede bemeester behoort te word. Dit is egter noodsaaklik dat die onderwyser en die skoolhoof deeglik bewus moet wees van wat by die opleidingsinrigting geleer word. Praktiese onderwys by die skool bied aan die student die volgende geleenthede Dietrich et al. (1972:93):

- (1) Omgang en kontak met 'n leerling of 'n groep leerlinge.
- (2) Kennismaking met die werklikheid van die skoolsituasie.
- (3) Kontak met 'n bepaalde klas, insig in onderrigsituasies, kennismaking met die verloop van 'n bepaalde les, voorbereiding en die daarstelling van 'n onderrigeenheid en die praktiese implikasies daaraan verbonde, die verskillende sienswyses van die beplanning van 'n les en die komponente van 'n lesontwerp.
- (4) Die byhou van 'n joernaal vir (1) en (2).
- (5) Voortsetting van (3) en (4) met in agneming van (1) en (2)

Die sukses van praktiese onderwys hang nie net af van die student en die dosent alleen nie, maar ook van die skoolhoof en die voogonderwyser. In die inleiding van die sillabus vir praktiese onderwys van die Departement van Onderwys en Opleiding word die rol van die voogonderwyser soos volg gestel, (DET, Syllabus, 1985:2) "To equip the student teacher with the skills that he will require in order to give effect to the most important aspect of his task. The proper management of a class and efficient teaching are fundamental to a teacher's success. The importance of practical teaching under expert control and guidance, can therefore not be over-emphasised".

Wat die opleiding van onderwysers aan betref het Marais, Jansen van Vuuren en Vreken (1978: 26) aan die PU vir CHO onder andere ook bevind dat studente praktiese onderwys as komponent beskou waaruit hulle die meeste voordeel getrek het vir hulle latere loopbaan as onderwysers

2.4 Doelstellings met praktiese onderwys

2.4.1 Inleidend

Uit navorsingsprojekte, in die buiteland, sowel as in Suid-Afrika is daar 'n duidelike tendens van verandering te bespeur en sal die doelstellings met praktiese onderwys van tyd tot tyd hersien en aangepas moet word. Die eerste wetenskaplike navorsing wat in verband met die doelstellings van praktiese onderwysgedoen is, was aan die begin van die tweede helfte van die twintigste eeu. Stones & Morris (1972:14-15) beweer dat die doelstellings destyds baie vaag gestel is. Oestreich (1974:336) maak die belangrike opmerking dat die doelstellings met betrekking tot die onderwysstudent en die toesighoudende onderwyser duidelik omskryf behoort te word.

2.4.2 Enkele navorsingsprojekte rakende die doelstellings met praktiese onderwys in die buiteland

Die Universiteit van Exeter se "Institute of Education" het in 1969 die volgende aspekte rakende praktiese onderwys beklemtoon (Stones & Morris, 1972:23):

- * die ontwikkeling van 'n beter begrip in die klassituasie;
- * die skep van geslaagde leersituasies;
- * die ontwikkeling van die kuns van waarneming
- * die skep van goeie verhouding met kinders;
- * die noodsaaklikheid van deeglike voorbereiding en
- * die geleentheid tot selfevaluering.

Cope en Brimer (soos aangehaal deur Stones & Morris, 1972:15) het in die "Bristol-Study", sewentien kategorie daargestel wat deur die kollegepersoneel, onderwysers en studente deur middel van vraelyste beantwoord is. "Die Bristol-Study" beklemtoon ook die wisselwerking wat daar tussen die opleidingsinstituut en die skool behoort te bestaan. Die volgende doelstellings is uitgelig en in vrae aan onderwysers, dosente en studente gestel (Stones & Morris, 1972:16-21):

- * Om aan die student die geleentheid te bied om gepaste leerling onderwyserverhoudinge te kan ervaar en beleef.
- * Om aan die student die geleentheid te bied om die teoretiese kennis in 'n praktiese situasie toe te pas en om moeilike teenstrydighede tussen teorie en praktyk op te los.
- * Om 'n geleentheid te skep vir die evaluering van die student se potensiaal as onderwyser en die geskiktheid van die onderwys vir die betrokke student.
- * Om die student die ondervinding van sukses in die onderrigsituasie te laat ervaar sodat hy die nodige selfvertroue kan verkry.
- * Om 'n geleentheid te skep ten opsigte van die praktiese onderrigsituasie vir die verreiking en inskerping van die student se ervaringsveld.
- * Om aan die student die nodige praktiese ondervinding in skole te bied waartydens sommige probleme van dissipline deur die student ondervind sal word en waardeur hy persoonlike metodes van beheer kan ontwikkel.
- * Om aan die student die geleenthede te skep vir die ontwikkeling van organisasievermoëns.
- * Om 'n geleentheid vir die student te skep om sekere kwaliteite van aanpasbaarheid en sensitiwiteit te ontwikkel wat sal pas by die skoolsituasie.
- * Om aan die onderwysstudent die geleentheid te gee om deel te word van die skoolgemeenskap, om vertrouwd te raak met die skoolpraktyk en om 'n gepaste professionele verhouding met volwasse lede, soos die klas- of vakonderwyser aan te knoop.

- * Om geleenthede te skep vir die uitruiling van idees en metodes tussen die skool en die opleidingsinrigting se personeel en om die student toe te rus met nuwe idees en onderrigmedia wat in skole gebruik word.

Uit Stones & Morris se eie navorsing (1972:22) wat toegespits was op die evaluering van studente tydens praktiese onderwys het die volgende doelstellings duidelik na vore gekom:

- om onderrigvaardighede te verwerf;
- om lesse effektief te beplan;
- om die eienskappe van 'n onderwyser te verwerf en
- om die student sy eie vordering, sowel as die van die leerlinge wat hy onderrig het, te laat evalueer.

Dietrich et al. (1972:65) som in hulle navorsing die doelstellings met praktiese onderwys soos volg op:

- * Inleiding in die konkrete beroepsmilieu van die onderwyser.

- * Inleiding en eie toetsing van onderrigvaardighede.

Belangrik is om daarop te let dat hier veral klem gelê word op die spesifieke doelstellings met praktiese onderwys ten opsigte van die betrokke skoolvak en nie net algemene doelstellings nie.

2.4.3 Enkele navorsingsbevindings rakende die doelstellings met praktiese onderwys in Suid-Afrika

In 1961 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (1961:5-6) reeds doelstellings geformuleer wat betrekking het op die praktiese opleiding van onderwysstudente. Enkele van die doelstellings is:

- * om akademiese en professionele kennis te voorsien;
- * om selfvertroue te ontwikkel;
- * om kennis van die inhoud van die leerplanne te verstrek en
- * om bekwaamheid en doeltreffendheid as onderwyser te bewerkstellig.

In beide Van Eeden (1969) en Van den Berg (1969) se proefskrifte word 'n verdere doelstelling met praktiese onderwys bespreek, naamlik die voordele wat praktiese onderwys vir studente tydens hulle opleiding inhou.

Conradie (1977:81-96) het ses hoofdoelstellings rakende praktiese onderwys geformuleer, naamlik:

- Die oriëntering van die onderwysstudent ten opsigte van skoolpraktyk en die onderwysberoep;
- ontdekking en bevordering van die onderwyspotensiaal van die onderwysstudent;
- beoefening van onderrigvaardighede;
- kennismaking deur die onderwysstudent met die kind as lerende persoon;
- integrasie van teorie en praktyk;
- skakeling tussen die opleidingsinstituut en skoolpraktyk-skole.

Coetzer (1986) het in sy proefskrif die volgende ses doelstellings vir praktiese onderwys geformuleer:

- Oriëntering van die onderwysstudent ten opsigte van die onderwysberoep en die skoolpraktyk. Hier word die volgende aspekte ingesluit: die skool- en die klaskamerorganisasie; alle belangrike aspekte van onderrig; skoolpraktykprobleme; administratiewe pligte; buitemuurse bedrywighede en vergadering; gemeenskapdiens; inskakeling by die skoolgemeenskap en die aankweek van professionele verhoudings met kollegas en ouers.
- Die verbetering van die onderwysstudent se onderrigvaardigheid en onderwysstyl. Dit sluit alle mikro - onderrigvaardighede en metodiek in.
- Ontdekking van die onderwysstudent se onderwyspotensiaal.
- Die onderwysstudent moet kennis maak met die kind as lerende persoon.
- Die integrering van die teorie met die praktyk.
- Skakeling tussen die opleidingsinstituut en die skool.

Cope, (1971:14) vermeld in sy boek "School Experience in Teacher Education" min of meer dieselfde doelstellings, maar vermeld ook die belangrikheid van die opbou van 'n gepaste onderwyser - leerlingverhouding.

Daar is sekere komponente van praktiese onderwys wat slegs by 'n skool ervaar kan word, soos Gresse (1979:22-23) tereg vermeld:

- die groepdinamiese gebeure in die klas;
- die toepassing van sosiometriese tegnieke, byvoorbeeld die gebruik van die sosiogram;
- die evaluering van leerlinge en die nasien van toetse;
- die ervaring van die kumulatiewe effek van doeltreffende onderwys in vakdidaktiese verband;
- bepaalde administratiewe en organisatoriese aangeleenthede by skole en
- die samewerking met kollegas.

Calitz en Nel (1979:9) noem nog 'n belangrike aspek, naamlik die handhawing van gesag en dissipline.

Aan die ander kant is daar weer ander aspekte wat tydens instituutpraktikum meer aandag verkry. Daar moet met Kruger et al., (1981: 53-56), asook Calitz & Nel (1979:4-5) saamgestem word dat instituutpraktikum die volgende aspekte van praktiese onderwys behoort te beklemtoon:

- lesbeplanning en lesontwerp;
- lesevaluering en lesanalise;
- mikro-lesaanbiedinge aan medestudente wat leerlinge simuleer;
- soms mikro-onderwysessies aan skoolleerlinge;
- interaksie-analise.

Hier kan enkele aspekte bygevoeg word, soos die bestudering van onderwysvaardighede en die kodering daarvan, die media-oefensentrum, die eksperimentele klaskamer en die begeleidingspraktikum.

Daar behoort duidelike riglyne aan die student, die skool (die voogonderwyser en die skoolhoof) verskaf te word, anders kan dit gebeur dat sommige studente die verkeerde indruk van praktiese onderwys verkry. Voorbeelde van sulke inligtingstukke behoort ook die doelstellings met praktiese onderwys duidelik te omskryf. Voorbeelde van sulke inligtingstukke word by alle onderwysopleidingsinrigtings aan studente gegee. (Vergelyk hier die inhoudsopgawe van sulke inligtingsstukke van Sebokeng Onderwyskollege en die PU vir CHO; Bylae E en F.)

Dit is miskien beter om belangrike inligting met die betrokke skoolhoofde en voogonderwysers persoonlik te bespreek en nie slegs die inligting aan die skole te pos nie, soos Muller (1983:14) tereg opmerk as hy beweer dat "die sukses van 'n onderneming word bepaal deur die positiewe bydraes van sy vennote wat mekaar ken." In samewerking met die streekhoofde en kringinspekteurs behoort daar jaarlikse byeenkomste tussen die skoolhoofde, voogonderwysers en dosente te wees om gesamentlike probleme rakende praktiese onderwys aan te spreek, sodat die ideale doelstellings met praktiese onderwys bereik kan word.

Die aanbidding van lesse en die waarneming daarvan vorm die basis van praktiese onderwys en dit is belangrik om ook daarop te let "that all lessons given by students must be founded on and arise from previous lessons or series of lessons and must in turn, lead to a succeeding lesson or series of lessons" (DET Syllabus 1988:3). Hierdie belangrike doelstelling kan ook net werklik in die skoolsituasie bereik word.

2.4.4 Samevatting van die doelstellings met praktiese onderwys

Uit die voorgaande verslae van navorsers en skrywers kan nou die volgende doelstellings rakende praktiese onderwys saamgevat word.

Die doel van praktiese onderwys is om aan die student die geleentheid te bied om:

- die onderwysberoep prakties te kan ervaar;
- die kind in 'n klassituasie te leer ken asook in die hele skoolsituasie as sulks;
- onderrigvaardighede te beoefen en om die eie potensiaal te sien en tekortkominge te oorbrug;
- teorie en praktyk te integreer, sodat baie teoretiese aspekte sinvol word;
- die veelsydigheid van die onderwysprofessie binne en buite die klas waar te neem;
- lesaanbiedinge waar te neem, lesse voor te berei, lesse self aan te bied en die resultate te sien - om met ander woorde onderrigvaardighede prakties te oefen;
- kennis te maak met evaluering, nasien en bepunting van verskeie afdelings van vakinhoud;

- geëvalueer te word deur dosente en onderwysers;
- dissipline te handhaaf in 'n klaskamersituasie en
- buitemuurse bedrywighede waar te neem en ook daar te help.

2.5 Die faktore wat in ag geneem moet word by die reëling van praktiese onderwys

Om die student in staat te stel om die doelstellings van praktiese onderwys na te streef en te bereik, moet die reëlings in verband met praktiese onderwys glad verloop. Om hieraan te voldoen moet verskeie faktore in ag geneem word, en moet ook talle besluite vooraf geneem word. By die Sebokeng Onderwyskollege word aan die volgende sake aandag gegee:

- Die spesifieke tydperk wat 'n student by skole moet wees vir praktiese onderwys, byvoorbeeld 6 - 10 weke.
- Watter skool die student moet en mag besoek en die aantal studente wat by 'n skool geplaas behoort te word.
- Wie die student se praktiese onderwystydperk en -lesse gaan evalueer en die maatstawwe van evaluering.
- Wat studente te doen staan in geval van onvoltooide praktiese onderwystydperke by skole. Onvoltooide praktiese onderwystydperke kan byvoorbeeld gedurende die loop van die jaar gedoen word, wanneer die student nie lesings moet bywoon nie en die skole wel sulke studente kan akkommodeer. Daar moet aanvaarbare redes verstrekk word waarom die student nie sy praktiese onderwys gedurende die normale tydperk soos vooraf gereël kon bywoon nie.
- Hoe praktiese onderwys in berekening gebring gaan word vir slaagvereistes, byvoorbeeld om 'n eersteklas in die student se finale jaar te verwerf, moet die student ten minste 60% vir praktiese onderwys verwerf het.
- Die aantal lesse wat die student tydens praktiese onderwys per dag moet aanbied, byvoorbeeld twee lesse per dag.
- Watter lesse deur die dosente van die opleidingsinrigting geëvalueer word en watter lesse deur die voorgonderwyser geëvalueer word. Daar moet ook duidelikheid wees oor hoe lesse beoordeel word.
- Hoeveel lesse deur die studente waargeneem moet word, byvoorbeeld 4 lesse per dag.
- Wat met studente gebeur wat praktiese onderwys druij of van hulle praktiese onderwysevalueringlesse druij.
- Wat die doel van 'n eksterne kontrole, met ander woorde moderering is, moet vir almal duidelik wees. Die doel van moderering is om vas te stel of die lesse wat deur studente aangebied word, wel op standaard is, en die punte wat deur dosente gegee is, wel realisties is. Hier kan veral gekyk word na die wyse hoe die les

uitgeskryf is, die aanbieding van die les en die gebruik van die onderrigmedia vir die lesdoel.

- Lesse van verskillende onderwysers moet bygewoon word, maar daar moet op die hoofvakke gekonsentreer word.
- Alle vorms, soos die skoolbywoningsvorm, die leskritiekvorm en die vertroulike verslagvorm, moet objektief deur die voogonderwyser ingevul word en aan die hoof oorhandig word vir finale goedkeuring. Die vorms moet eers deeglik aan die betrokke personeellede verduidelik word.
- Die inligtingstukke moet betyds die betrokke personeellede bereik.
- Die kritiese evalueringsvorm wat deur die betrokke opleidingsinrigting gebruik word, moet voor praktiese onderwys met studente behandel word, sodat hulle weet waarvolgens hulle beoordeel word.
- Die doel van mikro-onderrig en die funksie van die praktiese onderwysessies van mikro-onderrig moet duidelik wees en in aanmerking gebring word in die finale evaluering van die student.
- Die onderrigmedia en die maak daarvan moet ook beoordeel word, veral die voorkoms, oorspronklikheid en die funksionele gebruik daarvan moet geëvalueer word.
- Die praktiese onderwysorganiseerders behoort 'n stiplys te ontwerp om te help met die beplanning en organisering van praktiese onderwys wat jaarliks hersien behoort te word. *(Kyk bylaag D vir 'n voorbeeld van die PU vir CHO en Sebokeng Onderwyskollege se stiplys).

2.6 Spesiale reëlings ten opsigte van Praktiese Onderwys soos van toepassing by die Sebokeng Onderwyskollege.

Dit is belangrik om bespreking te voer rondom enkele van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word tydens die reëling van Praktiese Onderwys soos dit plaasvind by die Sebokeng Onderwyskollege. (Sebokeng College of Education. Teaching practice workbook, 1989: 1-11). Hierdie beeld is nodig om te kan besef watter ontwigting daar plaasvind ten opsigte van die reëling van Praktiese Onderwys indien onlustoestande dit verhoed dat studente die skole kan besoek vir hulle praktiese onderwys.

2.6.1 Die skole se samewerking

Om die nodige beplanning te doen ten opsigte van die plasing van studente vir hulle praktiese onderwys by skole, moet die samewerking van die skole verkry word omdat " 'n geleidelike oorgang van lesinglokaal na klaskamer onder simpatieke leiding en met die nodige mate van professionele begeleiding noodsaaklik is" (Potchefstroomse Onderwyskollege, 1982:2). Normaalweg word daar geen probleme hiermee ondervind nie, alhoewel tydens 'n onlussituasie kan dit voorkom dat die hoofde

van skole en hulle personeel nie meer volle beheer oor hulle skole het nie. Dit kan ook voorkom dat studente tydens onlustoestande deur die leerlinge bedreig word soos uit briewe van skoolhoofde van 1985 duidelik blyk.

Dit sou ook van besonderse waarde wees indien die vakdidaktiekdosente en skole se vakonderwysers noue kontak het, ten opsigte van die vakverbesondering en die verskillende benaderings van vakinhoud sodat aan die studente van beide betrokke vakdeskundiges dieselfde leiding gegee kan word.

Met elke vak is daar sekere spesifieke doelstellings en daar behoort ook duidelike doelstellings vir praktiese onderwys te wees. Ons neem slegs Bybelonderrig as voorbeeld soos Dietrich et al. (1972:177) dit duidelik stel, as hy sê dat die doel van die onderwysersopleiding in die vak teologie en godsdienswetenskap ook die aanpasbaarheid van die onderwysers ten opsigte van die vak Bybelonderrig se kurrikulum moet insluit. Die professionaliteit van die toekomstige Bybelonderrigonderwyser vereis ook die insig van die Bybelonderrigonderwyser om situasie - veranderinge in die samelewing, teologie, kerk en skool waar te neem en te interpreteer. "Nur so wird er den Reformprozess mitbetreiben und für die Curriculum -Revision des RU fruchtbar machen können".

Onderwysers se belangrikste funksie is nie alleen om vir kinders skool te hou nie, maar hulle moet ook 'n besliste inset lewer ten opsigte van die opleiding van studente - onderwysers. Volgens Lombard (1988:14) wil "dit voorkom of die tydperk van skoolpraktikum nie optimaal benut word om as buffer te kan dien teen praktykskok by beroepstoetreding nie". Volgens Lombard, en hiermee kan saamgestem word, kan dit deels toegeskryf word aan die feit dat onderwysers in wie se sorg studente tydens hulle praktiese onderwys toegewys word, nie behoorlik opgelei is vir hierdie taak van begeleiding van die onderwysstudent tydens sy praktiese onderwys nie. Die rol van die voogonderwyser moet 'n bepaalde plek verkry in die praktykopleiding. Daar behoort 'n soort van 'n vennootskap te bestaan tussen die dosente van die opleidingsinrigting en die onderwysers wat as voogonderwysers optree. Lombard (1988:14-15) noem enkele belangrike funksies wat die onderwyser tydens skoolpraktikum moet verrig: Hulle is:

- Die student moet in die klas verwelkom word en aan die leerlinge bekendgestel te word.
- Oriëntering van die student ten nopsigte van die skool.
- Beplanning, voorbereiding en die onderrig van skoolvakke.
- Leiding ten opsigte van die verantwoordelikhede en die aanvaarding van opdragte.
- Die voorlewing as opvoeder.
- Kennismaking met en die hantering van organisatoriese en administratiewe sake.
- Samesprekings met betrokke studente.
- Evaluering van lesse en bespreking van lesse.
- Die skep van waarnemingsgeleenthede vir die student.

Hierby kan ook gevoeg word dat die onderwyser die geleentheid vir die student moet skep om self toetse en huiswerk te evalueer.

Dit is van die uiterste belang dat daar 'n gedragskode aan die student voorgehou moet word deur die opleidingsinrigting. Marvin en Beasley se gedragskode vir onderwysstudente tydens praktiese

onderwys by skole is 'n goeie voorbeeld en behels die volgende aspekte (Marvin & Beasley, 1977:17):

- Alle inligting wat oor leerlinge beskikbaar is, moet as vertroulik beskou word, soos byvoorbeeld die leerlinge se intellektuele vermoëns.
- 'n Onderwysstudent behoort meer bekommerd te wees oor wat hy met die leerlinge bereik as die indruk wat die onderwysstudent maak op die onderwyser en die besoekende dosente.
- Die onderwysstudent behoort oor die nodige waardigheid te beskik sodat hy die respek van die leerlinge kan verkry.
- Die onderwysstudent behoort entoesiasties te wees oor die leerervaring wat die leerlinge ondervind.
- Die onderwysstudent behoort simpatiek en hoflik teenoor leerlinge op te tree.
- Die onderwysstudent behoort homself te beskou as lid van die gemeenskap waar hy onderrig en behoort daarvolgens op te tree.
- Dissiplinêre maatstawwe wat die onderwysstudent toepas, moet deur die toesighoudende onderwyser goedgekeur word.
- Die onderwysstudent behoort in alle opsigte 'n voorbeeld vir die leerlinge te stel, fisies, eties en in alles wat gesê word.
- Die onderwysstudent behoort net so geïnteresseerd te wees en bereid te wees om hulp te verleen aan leerlinge asof dit sy eie klas is.
- Die onderwysstudent moet ook besef dat elke leerling 'n individu is en rekening moet gehou word met individuele belangstellings, vaardighede en leermoontlikhede.
- Die onderwysstudent moet ook onpartydig wees en moet ten alle tye regverdig wees teenoor alle leerlinge. Die onderwysstudent behoort ook nie sy religieuse en politieke oortuigings op die leerlinge af te dwing nie, maar behoort alle sienswyses te respekteer.

Hierdie gedragkode dien slegs as 'n voorbeeld en alle aspekte hoef nie noodwendig slaafs nagevolg te word nie.

2.6.2 Die student se keuse van 'n skool vir praktiese onderwys

Aan die Sebokeng Onderwyskollege en soos blyk uit inligtingsstukke van ander opleidingsinrigtings soos die PU vir CHO, kan die studente self 'n keuse uitoefen ten opsigte van die plasing by 'n sekere skool vir die praktiese onderwystydperk. Die student moet homself vergewis of die skool van sy keuse wel die regte taalgroep is en of die vakke aangebied word waarvoor hy homself bekwaam en waarin hy beoog om lesse aan te bied tydens sy praktiese onderwys by die skool. In sy keuse van 'n skool moet die student ook rekening hou met die beskikbare vervoergeriewe

na en vanaf die skool. Dit is dus beter om aan die student die geleentheid te bied om self 'n keuse te maak wat die skool betref. Indien die skool van sy keuse op die stadium van die jaar nie beskikbaar is vir praktiese onderwys nie, weens onvermydelike omstandighede soos eksamen of paneelinspeksie, kry die student geleentheid om 'n alternatiewe keuse uit te oefen. Indien die student versuim om 'n keuse te maak, doen die praktiese onderwyskomitee 'n keuse vir hom/haar. In so 'n geval word die woongebied van die student, en sy/haar vakke in aanmerking geneem.

2.6.3 Die aantal studente per skool

Daar is 'n bestaande reël, dat slegs 'n spesifieke aantal studente per skool toegelaat word, soos duidelik gestel in Sebokeng Onderwyskollege se inligtingstuk. As gevolg van die feit dat studente hul eie keuses ten opsigte van die skole doen, mag 'n probleem ten opsigte van die getalle ontstaan.

In swart onderwys is daar voldoende primêre skole, maar wat die sekondêre skole aanbetref, kan daar wel probleme ontstaan, veral ten opsigte van sekere vakke. Daar word ook gepoog om nie meer as 12 tot 15 studente, afhangende van die grootte van die skool, na 'n spesifieke skool te stuur nie. Hier moet ook daarop gelet word dat daar nie meer as vier studente met dieselfde vakke by 'n sekondêre skool geplaas word nie, anders skep dit onnodige probleme by die skool.

2.6.4 Die taalfaktor

Studente by die Sebokeng Onderwyskollege moet ook 'n keuse uitoefen ten opsigte van die taalgroep, wat die medium van onderrig in vakke kan wees. Dit is met ander woorde die moedertaal van die leerlinge.

Hier is dit uitsluitlik die primêre skole wat slegs een moedertaal insluit. Die sekondêre skole sluit in die meeste gevalle drie taalgroepe in. Sekere vakke soos die moedertaal self en godsdiensonderrig geskied deur medium van die moedertaal, soos byvoorbeeld Sotho, Zulu en Xhosa. Dit is dus veral vir die onderwysstudent in die primêre skoolfase van groot belang dat die skool van sy keuse, wel die taalgroep van sy keuse is, aangesien hy/sy sekere vakke in die moedertaal moet aanbied.

2.6.5 Die skoolprogramme en praktiese onderwystydperke moet korreleer

Indien skole op 'n sekere stadium van die jaar eksamen sou skryf of selfs net 'n toetsweek sou inruim, kan dit probleme vir praktiese onderwys skep. Die student kry dan by so 'n skool nie die geleentheid om lesse waar te neem of om self lesse aan te bied nie. So 'n student kan slegs ervaring opdoen ten opsigte van toesig, die nasien van antwoordstelle en die verwerking van punte. Dit is derhalwe wenslik dat die opleidingsinrigting reeds aan die einde van die vorige jaar die beoogde praktiese onderwystydperke aan skole en kringkantore bekendmaak, sodat die skole indien moontlik, hierdie datums in gedagte hou tydens die opstelling van die skool se jaarprogram.

2.6.6 Die opleidingsinrigtings moet onderling reël om alternatiewe keuses van skole te maak vir die doel van praktiese onderwystydperke

Dit kan vir 'n skoolhoof 'n verleentheid skep as verskillende opleidingsinrigtings se studente op dieselfde tydstop sy skool kies vir hulle praktiese onderwys. Dit is derhalwe uiters noodsaaklik om "voor elke periode van praktiese onderwys 'n naamlys van die studente wat by die betrokke skool geplaas is, aan die skool te stuur" (POK, 1984:5). Hierdie beleid word wel toegepas by Sebokeng Onderwyskollege, en word tydens 'n hoofdevergadering aan die betrokke hoofde oorhandig. Indien sulke naamlyste van verskillende opleidingsinrigtings die skoolhoof bereik, is dit moontlik vir die skoolhoof om vroegtydig die opleidingsinrigting te skakel en mee te deel dat daar reeds te veel studente van ander opleidingsinrigtings by sy skool geplaas is, en kan die praktiese onderwysorganiseerders alternatiewe skole kies. Hier kan die reël geld dat die opleidingsinrigting wat in die betrokke area gehuisves is, voorkeur behoort te geniet. Die dosente van die opleidingsinrigting in die skool se gebied kan dan die skool besoek en die studente is nie te veel vir die skool nie.

Voor die samestelling en finalisering van die jaarprogram kan ook ander opleidingsinstansies se praktiese onderwystydperke vasgestel word, sodat die tydperke van praktiese onderwys nie bots nie en die onus van wie toegelaat word nie uitsluitlik by die skoolhoofde berus nie. In die meeste gevalle akkommodeer die skoolhoofde wel die studente van verskillende opleidingsinrigtings, maar dan is daar baie min geleentheid vir die student om self sy verpligte aantal lesse aan te bied en kry hy/sy te min geleentheid om met die klasonderwyser te kommunikeer. Daar kan ook sekere skole jaarliks uitgesonder word wat slegs deur 'n betrokke opleidingsinstansie gebruik mag word.

2.6.7 Die instruksies aan die skoolhoofde en die voogonderwysers

Alle versoeke wat tot skoolhoofde en hulle personeel gerig word rakende praktiese onderwys, moet kort, ondubbelsinnig en saaklik wees. Die invul van vertroulike verslae moet duidelik wees en verkieslik moet die studente volgens 'n 5 - puntskaal geëvalueer word. Dit is meer spesifiek en eenvormig. Hierdie dokument moet persoonlik aan die skoolhoof oorhandig word, aangesien hierdie verslae later deel vorm van die student se getuigskrif. Die volgende versoeke kan tot skoolhoofde en hulle personeel gerig word: Die student moet geleentheid kry om sekere aspekte van skooladministrasie waar te neem soos die invul van die teenwoordigheidregisters, die skoolbeleid, die vakbeleid en die daaglikse voorbereiding te bestudeer. 'n Brief waarin hierdie komponente met elke praktiese onderwystydperk aan die skoolhoofde deur Sebokeng Onderwyskollege gegee word, is in Bylaag B opgeneem.

2.6.8 Die regte en pligte van studente tydens praktiese onderwys behoort duidelik op skrif gestel te word

Dit is van die uiterste belang dat die student vertrou moet wees met die wetlike aspekte van sy praktiese onderwys by 'n sekere skool. Die student staan onder die jurisdiksie van die skoolhoof en moet dus insae verkry ten opsigte van die skoolreëls en die gedragskode van die onderwysers by die betrokke skool. Hier moet

ook bygevoeg word dat die student lojaal teenoor die onderwyser in wie se sorg hy geplaas word, moet wees en die onderwyser of die aanbidding van sy lesse nie met die kinders moet bespreek of hom kritiseer nie. Die kwessie van tug is ook hier ter sprake.

2.6.9 Gemotiveerdheid van die studente om hulle praktiese onderwysgeleenthede ten volle te benut - 'n vereiste vir sukses vir praktiese onderwys.

Die student moet gemotiveerd wees om self iets te wil leer tydens praktiese onderwys en dus is dit noodsaaklik dat die student daarvan bewus moet wees dat praktiese onderwys 'n belangrike rol speelten opsigte van sy promosie aan die einde van elke jaar. Dit is 'n vereiste vir die student by die Departement van Onderwys en Opleiding om bv. 60% te verkry vir praktiese onderwys vir 'n eersteklas slaagpuntvermelding en ten minste 70% vir 'n onderskeiding (D.E.T. 1987:4) Studente moet ook daarvan bewus wees dat hulle met die hele skooladministrasie en die skoolbestuur vertrou moet wees en nie net ten opsigte van hoe om 'n les aan te bied nie. Hier is die voorbereiding van lesse, die aanbidding, nasien en evaluering en die betrokkenheid by buitemurse bedrywighede ter sprake. Voor elke praktiese onderwystydperk moet die belangrikheid en enkele belangrike doelstellings met praktiese onderwys aan die studente voorgehou word.

Aan eerstejaars word tydens hulle praktiese onderwystydperk in hulle eerste jaar ook 'n reeks waarnemingsopdragte gegee. Die doel hiervan is om die waarnemingstydperk by skole vir studente meer sinvol te maak. Hierdie waarnemingsopdragte moet in detail met die studente behandel word, anders kan dit gebeur dat die opdragte nie na wense uitgevoer word nie. (Kyk Bylaag E)

2.6.10 Die studierigtings en vakpakette van sekondêre skole moet aan die praktiese onderwysorganiseerders bekend wees, asook die veranderinge wat daar aangebring word- soos nuwe vakke of kansellering van sekere vakke.

Die praktiese onderwysorganiseerders behoort die nuutste besonderhede te hê van watter vakke by elke skool aangebied word. Soms gebeur dit dat skole sekere vakke nie meer aanbied nie as gevolg van die getal leerlinge wat die vak wil neem of 'n tekort aan 'n opgeleide onderwyser. Hierdie inligting moet jaarliks gekontroleer word.

2.6.11 'n Nieu kontak tussen die praktiese onderwysorganiseerders en skoolhoofde is wenslik om van praktiese onderwys 'n sukses te kan maak

Die personeel wat die praktiese onderwys by 'n opleidingsinrigting organiseer, behoort op 'n jaarlikse basis die skole wat vir praktiese onderwysdoeleindes gebruik word, te besoek. Hierdie besoeke kan tydens praktiese onderwys wees of voor die aanvang van praktiese onderwysessies by die skole. Die skoolhoofde behoort ook 'n geleentheid te kry om insette ten opsigte van die organisasie van praktiese onderwys te maak. Daar kan selfs gevra word dat die skoolhoofde voorstelle moet maak rakende die vertroulike verslagvorm en hoe hierdie vorm gehanteer behoort te word. Die opleidingsinrigting en die skole moet bondgenote wees en 'n gesamentlike poging aanwend om die

praktiese onderwysessies by skole sinvol te struktureer. In Amerika en in sekere Europese lande soos Duitsland is dit die gebruik om spesifieke onderwysers by skole uit te sonder om 'n bepaalde student op te lei. Hierdie onderwysers moet aan sekere vereistes voldoen soos deur die sillabuskomitee van die Departement van Onderwys en Opleiding voorgestel is (D.E.T. 1988:3): "Each student teacher should be placed in the care of a sympathetic and capable supervising teacher in a school where student teaching is encouraged and not merely tolerated". Coetzer (1986:4) beklemtoon ook hierdie belangrike skakeling tussen die opleidingsinrigting en die skole.

Marvin & Beasley (1977:78) se kontrolelys vir die voorbereiding van die voorgonderwyser, behoort aan skole en aan die voorgonderwysers in besonder beskikbaar gestel te word. Hulle dui die volgende belangrike aspekte aan:

Voordat die onderwysstudent by die skool opdaag, behoort die toesighoudende onderwyser die volgende te doen:

- die leerlinge verwittig van die onderwysstudent se koms na die skool;
- inligting verkry ten opsigte van die onderwysstudent se hoofvakke en studiejaar;
- die opleidingsinrigting se inligtingstukke aangaande praktiese onderwys van studente bestudeer en veral let op die rol van die toesighoudende onderwyser;
- vertrouwd wees met die wettige status van onderwysstudente by skole;
- vertrouwd wees oor die skool se beleid rakende onderwysstudente;
- homself voorstel aan die onderwysstudent voordat hulle na die klaskamer gaan;
- seker maak dat duplikate van die nodige handboeke en werkboeke beskikbaar is vir die student se gebruik;
- voorbereidings tref vir 'n geskikte werkplek vir die onderwysstudent binne die klaskamer;
- voorbeelde van die nodige skooladministratiewe dokumente byderhand hê en
- sorg dat daar 'n voorlopige beplanning bestaan vir die onderrig-en leerervaringe waaraan die student in die tydperk blootgestel gaan word.

2.6.12 Normale onderwystoestande moet heers en nie toestande soos tydens 'n onlusituasie nie

Vir praktiese onderwysdoeleindes en die organisasie daarvan moet normale toestande heers. Dit neem baie tyd in beslag om studente by skole te plaas. Indien daar skielik 'n onlusituasie opduik en daar is geen alternatiewe moontlikhede nie, vervul praktiese onderwys geheel of gedeeltelik soos tydens die 1984-1985 onluste in die PWV - gebied

Studente het na skole gegaan en gevind dat daar of nie kinders is nie of hulle is deur die leerlinge gedreig. Verskeie briewe van skoolhoofde is verkry wat die situasie verduidelik het waarom studente nie praktiese onderwys by hulle skole kon doen nie.

2.6.13 Die aantal vakdidaktiekdosente moet voldoende wees om skole vir die afneem van evalueringslesse te besoek.

Indien daar te veel lesse is wat deur 'n betrokke vakdosent gedurende die praktiese onderwysessie afgeneem moet word, kan daar probleme ontstaan, aangesien studente voorberei het en graag deur sy vakdidaktiekdosent bygestaan en geëvalueer wil word.

Aan die Sebokeng Onderwyskollege is dit egter nie altyd moontlik vir die vakdidaktiekdosente om al die lesse van hulle studente te evalueer nie. Daarom help die departement van professionele en praktiese vakke. Die dosente van hierdie departemente help gewoonlik in vakke wat hulle of self onderrig het of in vakke waarin hulle self opgelei is.

2.6.14 Studente moet vroegtydig self met die skole finaal reëlings tref

Dit is wenslik dat studente 'n dag of wat voor die aanvang van die praktiese onderwystydperk die skole sal besoek om finaal reëlings te tref, ten opsigte van die onderwyser in wie se klas hulle geplaas gaan word asook waar hulle graag behulpzaam wil wees ten opsigte van buitemuurse bedrywighede. Daar word in sommige Europese lande spesiale voogonderwysers vir studente aangewys en hulle word addisioneel vir die taak vergoed. Die doel is om die studente te help met sekere waarnemingopdragte wat anders deur die hoof behartig sou moes word. In Suid-Afrika word so 'n stelsel deur opleidingsinrigtings bepleit en word die taak by sommige skole deur 'n departementshoof behartig. Die persoon word egter nie addisioneel daarvoor vergoed nie.

2.6.15 Skole moet betyds in kennis gestel word wanneer die studente en die dosente die skole sal besoek

Die skole moet betyds in kennis gestel word op watter dag die studente hulle praktiese onderwysessie by skole sal begin en wanneer die dosente die studente sal besoek. Die skool kan dan die opleidingsinrigting betyds in kennis stel indien sekere dae ongeleë is, as gevolg van buitengewone omstandighede, soos byvoorbeeld die besoek aan die skool deur 'n toneelgroep soos TRUK of die een of ander sportfunksie.

2.6.16 Die funksie van 'n praktiese onderwysstudenteleier

Die studente wat by 'n sekere skool geplaas is, kies self 'n studentegroepelier vir die betrokke praktiese onderwystydperk. Hierdie student is dan die skakel tussen die skoolhoof en die dosente en moet ook 'n rooster opstel vir die dosente se besoeke aan skole. Hierdie rooster behoort in besonder die vak, die standerd, die klaskamernommer, die spesifieke klas en ook die onderwerp aan te dui. Die studenteleier vir praktiese onderwys moet ook die hoof van die nodige dokumente voorsien, indien hierdie dokumente nie die skool per pos bereik het nie.

2.7 'n Oorsig van die onstabiele onderwystoestande in swart onderwys

Praktiese onderwys kan gestruktureer word indien stabiele onderwystoestande heers. Indien daar onstabiele toestande heers soos tydens 'n onlustoestand, raak dit baie moeilik om die normale prosedures te volg vir die reëling van praktiese onderwys by skole.

Onderwystoestande in 1976, 1984 en selfs in 1990 toon duidelik die onstabiele toestande.

Sedert 1985 het die krisis in die swart onderwys toegeneem en is daar heelwat oor die krisis geskryf. Aspekte wat veral aandag gekry het, is die onderwyser - tot - skoliervershouding. Alhoewel die ideale verhouding 1 tot 25 is, is 'n verhouding van 1 tot 40 nie moontlik in swart onderwys nie (Snyman, 1987:2). Die Vereniging - kringopnames dui vir 1989 aan dat die verhouding van die skole vir die kring tans 1:47 is (Kringopnames, 1989:2).

'n Hoë druipeyfer kom ook onder swart leerlinge voor. Baie leerlinge verlaat ook die skool op 'n vroeë stadium.

Wat die onrus betref, moes skole in die Wes-Kaap en in talle ander woongebiede gesluit word omdat die owerhede nie die fisiese veiligheid van skoliere kon verseker nie. Dissipline het hier ineengestort en skole en teknikons het die bymekaarkomplek van anargistiese elemente geword (Snyman, 1987:2).

Die onderwys word verpolitiseer en is die oorsaak van baie onrus by die swart skole. Baie van die gebeure op ekonomiese gebied het na die skole versprei en gee aanleiding tot gewelddadige optredes (Snyman, 1987:3).

Daar word ook verskeie eise gestel om die krisis by te lê, maar baie van hierdie eise het weinig te make met die onderwys en het eerder 'n politieke strekking. Voorbeelde is:

- Die noodtoestand moet opgehef word;
- Veiligheidsmagte (beide die SAP en die SAW) moet uit die swart woongebiede onttrek word;
- Aangehoudenenes moet onmiddellik en onvoorwaardelik vrygelaat word (Snyman, 1987:6)

2.7.1 Die verloop van die krisis in die swart onderwys:

Swart-, Kleurling- en Indiërskole het gedurende Januarie 1986 hul skoolopleiding hervat na 'n vyftien maandelange boikot. Verskeie organisasies soos die Soweto Parents Crisis Committee (SPCC) het na vore getree en die leerlinge versoek om terug te gaan skole toe.

Alhoewel die finansiële las wat op die swart ouers gerus het verlig is nadat die minister van Onderwys en Opleiding, dr Gerrit Viljoen aangekondig het dat gratis skryfbehoeftes en handboeke aan skoliere in die staatskole en in die tuisland verskaf sou

word (Snyman, 1987:9), het die bywoningssyfer in Februarie 1986 weer skerp begin daal.

Uit persberigte het dit geblyk dat die SPCC en die swart gemeenskap daarna streef om die rol van die Departement van Onderwys en Opleiding in die swart onderwys te verklein en dat die swart gemeenskap die finale seggenskap moet hê in alle aangeleenthede wat die onderrig van swart kinders raak. Die kinders se onderrig moet nie ideologies afgedwing word nie maar moet deel uitmaak van swartmense se politieke-, sosiale- en ekonomiese aspirasies (Snyman, 1987:10).

Voor die aanbreek van die Paasvakansie 1986 het wydverspreide onrus en boikotte in die swart skole voorgekom en daar is selfs gevrees dat skoliere nie skoolbywoning sou voortsit na afloop van die vakansie nie. Die National Education Crisis Committee (NECC) het egter besluit dat swart skoliere wel weer na afloop van die vakansie sou terugkeer skool toe (Snyman, 1987:11).

Die minister van Nasionale Opvoeding, mnr. F.W. de Klerk, het gedurende April 1986 'n tien jaar-plan aangekondig om onderwys in die land te rasionaliseer en om die agterstand in die swart onderwys uit te wis. Volgens die African Teacher's Association sal die 10 jaar-plan min invloed op die krisis hê omdat die swart gemeenskap beheer oor hulle eie onderwys wil verkry (Snyman, 1987:11).

Die Departement van Onderwys en Opleiding het 'n aantal streng maatreëls gedurende Julie 1986 aangeneem wat daarop gemik was om die onderwyssituasie in die swart woonbuurte te normaliseer. Dit het gevolg nadat die Staatspresident die departement by wyse van 'n spesiale proklamasie gemagtig het om enige leerling te skors wat nie aan die Departement se regulasies gehoor gee nie (Snyman, 1987:12).

Die Departement van Onderwys en Opleiding het die maatreëls rakende die sekuriteit en dissipline by swart skole amptelik op 14 Junie 1986 geïmplementeer. Die noodmaatreëls is geïmplementeer nadat voorstelle in dié verband gedoen is deur die meerderheid van die sowat 7000 hoofde van swart skole oor die hele land (Snyman, 1987:12).

Verskeie maatreëls is geïmplementeer soos identiteitskaarte by skole, stiptelikheid van beide leerlinge en onderwysers en 'n beter kontrolestelsel. Spoedig het hierdie maatreëls nie meer gefunksioneer nie. Gedurende Augustus 1986 het talle skoliere hulle identiteitskaartjies verbrand en deelgeneem aan 'n drie-daagse skoleboikot uit protes teen die verpligte dra van identiteitskaarte en die teenwoordigheid van die veiligheidsmagte op die skoolgronde. Die boikot het tot gevolg gehad dat klasse in verskeie gebiede tydelik gestaak is (Snyman, 1987:14).

Vanweë die voortdurende boikotte is drie-en-dertig skole teen die middel van Oktober gesluit vir die res van die jaar. Teen die einde van 1986 is 73 skole deur die regering gesluit (Snyman, 1987:14).

Op 7 Januarie 1987 het kinders in groot getalle na die skole teruggekeer, en die meeste van die 73 skole wat deur die regering gesluit is teen die einde van 1986, het teen die einde Januarie 1987 heropen (Snyman, 1987:14). Die dreigemente van sekere swart

organisasies dat skoolboikotte weer eens ingestel sou word, indien die regering nie sou poog om aan eise te voldoen nie, is spoedig bevestig. Veral die sekondêre skole is by skoolboikotte betrek.

In 1990 was daar in baie gebiede skole wat nie heropen het nie. In 1990 word verdere eise gestel, naamlik die onmiddellike afdanking van alle blanke onderwysers in swart onderwys. (Vaal progressive teachers' organisation Manifesto. Februarie 1990:2)

Verskeie onderwyskolleges vir swartes in die PWV- gebied het na moontlike oplossings gesoek vir hulle praktiese onderwys. Die toestande by skole was te wispelturig en soms te gevaarlik. By Transvaal College of Education is die stelsel van praktiese onderwys die waar studente voor mekaar mikrolesse aanbied en die lesse word dan geëvalueer. As die toestande gunstig was in die verlede is die gewone lesse by skole deur studente aangebied. By Soweto College of Education is leerlinge van verskillende skole na 'n skool vervoer en studente het dan hulle lesse wat geëvalueer moes word, voor die leerlinge by die betrokke skool aangebied.

Daar het egter baie probleme ontstaan, aangesien die personeel van die onderwyskolleges nie meer direkte kontak met die skole gehad het nie. By die Sebokeng Onderwyskollege is van verskeie modelle gebruik gemaak. Studente het van hulle lesse voor mekaar aangebied, of het "veilige" skole besoek. Daar is ook van verskillende plaasskole gebruik gemaak. Gereelde hoofdevergaderings het daartoe bygedra dat die toestande by skole beter gemonitor kon word met betrekking tot die reëling van praktiese onderwys.

Skoolhoofde het briewe geskryf om die toestande by skole te verduidelik waar studente nie praktiese onderwys kon deurloop nie.

Die toestande wat geheers het, en in sommige gebiede nog heers, het dit baie moeilik gemaak om praktiese onderwys te beplan. Die onlustoestande in swart onderwys het 'n besondere groot invloed op praktiese onderwys gehad, aangesien studente nie soos tydens stabiele toestande die skole besoek het nie.

Baie van die doelstellings met praktiese onderwys kon nie meer verwesenlik word nie. Daar was nie meer 'n gereelde kontak tussen die skole en die opleidingsinrigtings nie. Die studente kon ook nie meer die skole kies nie. Die kontrole van die aantal studente per skool was nie meer moontlik nie. Daar kon ook geen werklike leidrade aan skoolhoofde gegee word nie. Studente kon nie self finaal reëlings met skole tref nie en daar was geen praktiese onderwys-studenteleiers meer nodig nie.

2.7.2 Toestande met besondere verwysing na Sebokeng

Met die uitbreek van die 1984 onluste, is Sebokeng ook in besonder daardeur geraak. Die Sebokeng Onderwyskollege se administratiewe blok is op 3 September 1984 aan die brand gesteek en totaal verwoes. Die personeel kon na 4 September 1984 vir die res van die jaar nie na die kollege terugkeer nie, en die finalejaar-studente het by 'n nabygeleë myn klasse bygewoon en by

die Metodiste kerk in Drie Riviere hulle finale eksterne eksamen afgelê (Notules van Sebokeng Onderwyskollege: Oktober 1984:1-2).

Aan die begin van 1985 het slegs die manspersoneel vir enkele dae teruggekeer en moes daar reëlins getref word vir die eksamen van alle eerste- en tweedejaarstudente, sodat hulle na die volgende jaargroep bevorder kon word. Alhoewel daar sekere dae was wat toestande normaal voorgekom het, het daar van tyd tot tyd onluste in die woongebiede uitgebreek. In Mei 1986 moes die kollege ontruim word en is klaskamers by die Lekoa Tegniese Kollege tot beskikking van Sebokeng Onderwyskollege gestel.

Verskeie probleme is met praktiese onderwys ondervind en daar is verskillende modelle toegepas. Aanvanklik het die studente by die kollege voor mekaar lesse aangebied. Vir die studente wat die kursus vir sekondêre skole volg was dit nie so 'n groot probleem nie, maar vir die studente wat veral die junior primêre kursus gevolg het, het ander probleme spoedig opgeduik, veral wat betref die ontwikkelingsvlak van die kind. Daar is verskeie ander modelle getoets. Daar is byvoorbeeld van "veilige" skole binne die woongebiede gebruik gemaak, maar slegs op 'n dag-tot-dag basis. Daar het talle dae voorgekom dat veral damespersoneel nie die skole kon besoek nie, en dan moes van die skool se personeel gebruik gemaak word om lesse te evalueer. Daar is ook talle kere van plaasskole gebruik gemaak.

In sekere gebiede soos in sone 7 in Sebokeng is baie skole erg deur brandstigting beskadig en die meeste voorrade is verbrand, terwyl in ander swart woongebiede in die Vaaldriehoek soos Zamdela en Sharpeville het die onluste meer die vorm van wegblyksies en dreigemente behels, en is minder skade deur brand aangerig. Die bewys van hierdie stelling is te vinde in die feit dat daar geen skool vir swart leerlinge in Zamdela aan die brand gestek is nie.

Talle briewe is na praktiese onderwysessies van skoolhoofde in 1985 en daarna ontvang waarin die situasie by hulle skole verduidelik is en waarom praktiese onderwys nie by hulle skole kon plaasvind nie en studente hulle beoogde praktiese onderwystydperk nie daar kon deurloop nie. Die vertroulike verslae ten opsigte van die studente is saam met die brief oningevul aan die kollege terugbesorg. Studente wat tydens praktiese onderwysessies na skole gegaan het, is op een stadium versoek om self 'n skool te vind waar die toestande dit toegelaat het om wel wel, praktiese onderwys met sukses te deurloop. Dosente het in die stadium geensins die skole besoek nie. Die studente het slegs gewone lesse by die skole waar dit moontlik was, aangebied. Die evalueringslesse is later by die kollege voor mede-studente afgeneem. Die toestande was van dag tot dag heeltemal onvoorspelbaar. Daar het op sommige dae slegs manspersoneellede by die kollege aangemeld, aangesien die toestande vir damespersoneellede te onstabiel was.

Die verpligte moderering wat deur die Departement van Onderwys en Opleiding ingestel is om vas te stel of die punte vir praktiese onderwys realisties is, kon nie altyd by skole plaasvind nie. Enkele studente met verteenwoordigende verspreiding van punte vir praktiese onderwys, word tydens moderering gevra om lesse voor modereringspaneellede aan te bied. Die lesse word volgens dieselfde kriteria geëvalueer en dan word die gemiddelde punte vergelyk met die gemiddelde punte van die hele groep wat deur die

dosente gedurende die student se opleiding geëvalueer is. In 1984 kon die moderering by Sebokeng Onderwyskollege, asook ander onderwyskolleges vir swartes soos die aan die Oosrand en Soweto nie plaasvind nie. Daar was geen studente by die kolleges en geen leerlinge meer by die skole nie. In 1985 was moderering wel moontlik en kon Sebokeng Onderwyskollege die moderering vir die primêre kursus by skole vir swart leerlinge in 'n swart woongebied, naamlik Sharpeville, laat plaasvind. In 1986 is met verskeie skole vooraf reëlins vir die moderering getref. Drie dae voor die aanvang van die moderering was die toestande by skole nog onder beheer, maar slegs 'n dag later van die betrokke week, was geen leerlinge by al die skole nie. Daar moes in 1986 van 'n plaasskool gebruik gemaak word vir modereringsdoeleindes. (DET, 1986: Modereringsverslag:) Die moderering van die sekondêre kursus se studente is in 1985 en in 1986 by die kollege gedoen.

Die ergste van die onlustoestand is dat geen beplanning voor die tyd gedoen kan word nie. Selfs die kollege se interne praktiese onderwysrooster vir die afneem van lesse by die kollege, wat baie tyd in beslag neem, kon net vir een week funksioneer. Die volgende week is die studente, veral die wat die kollege se kleredrag aangehad het, deur leerlinge van skole en betogers voorgekeer en so is baie verhoed om die kollege te bereik. In 1987 en in 1988 kon die moderering vir die primêre kursus wel by skole in swart woongebiede plaasvind. Die sekondêre kursus het in die twee jaar nie moderering ondergaan nie, aangesien moderering sedert 1987 op 'n rotasiebasis geskied. Daar moet verder ook in ag geneem word dat vir moderering vir die primêre kursus altyd ten minste twee skole gereël moet word, as gevolg van die taalfaktor, Sotho en Zulu.

2.8 Samevatting van hoofstuk 2

In hierdie hoofstuk is die belangrikste faktore vir die suksesvolle aanbieding van praktiese onderwys bespreek. 'n Bespreking van spesiale reëlins ten opsigte van praktiese onderwys soos van toepassing by die Sebokeng Onderwyskollege is ook in hierdie hoofstuk vervat.

Die onstabiele onderwystoestande wat deur die onlussituasie van 1984 ontstaan het en die invloed op Sebokeng Onderwyskollege is ook geskets.

In hoofstuk 3 sal 'n empiriese ondersoek ten opsigte van die aanbieding van praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande in die Vaaldriehoek ondersoek en geanaliseer word. Daar sal ook in die empiriese ondersoek agt modelle voorgelê word. Die meetinstrumente wat vir hierdie empiriese ondersoek gebruik is, sal ook nader toegelig word.

HOOFSTUK 3

'n Empiriese ondersoek ten opsigte van die aanbieding van praktiese onderwys by skole tydens onstabiele onderwystoestande in die Vaaldriehoek en moontlike oplossings ten opsigte van die reëling van praktiese onderwys.

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal 'n empiriese ondersoek bespreek word om vas te stel watter invloed die onlustoestande op praktiese onderwys in die Vaaldriehoek gehad het. In die tweede deel van die vraelys sal moontlike oplossings vir die reëling van praktiese onderwys by skole aan die respondente voorgehou word. Die keuse van die twee meetinstrumente sal ook in hierdie hoofstuk van nader beskou word, asook die samestelling van die twee meetinstrumente, die vraelys en die persoonlike onderhoud wat as kontrole gebruik is. Verder sal die teikengroep bespreek word, die wyse van verspreiding, die inwin van die gevraagde inligting, die respons asook die wyse van verwerking. Die teikengroep is al die skoolhoofde vir swart leerlinge in die Vaaldriehoek, in besonder die swart woongebiede Evaton, Sebokeng, Sharpeville, Boipatong en Zamdela, 112 in totaal. Skoolhoofde van plaasskole vir swart leerlinge, wat nie deur die onluste beïnvloed is nie, is nie betrek by hierdie empiriese ondersoek nie.

3.2 Die keuse van die meetinstrumente

Daar moes besluit word op 'n meetinstrument en na deeglike besinning is op die vraelys as die belangrikste meetinstrument besluit. Die persoonlike onderhoud is slegs gebruik om die inligting wat na aanleiding van die vraelyste verkry is te kontroleer en insig te verkry hoe 'n personeellid van die kollege die onstabiele toestande ervaar het.

Die vraelys is as hoofmeetinstrument gekies, aangesien die onderhoud baie tyd in beslag neem. Mahlangu (1987:79) meen dat "according to Fox (1969:548), the technique whereby the researcher believes that an impersonal approach will suffice and according to which he puts his questions on paper and submits them to the respondents, asking them in turn to write their answers on paper, is called the questionnaire". In die vraelys word die beantwoording van die vrae gedoen sonder enige invloed van ander persone. Die vraelys is effektief en prakties en word in opvoedkundige navorsing baie aangewend. Tuckman (1978:196) beklemtoon die feit dat die inligting wat deur middel van 'n vraelys verkry word, verwerk kan word.

3.2.1 Die vraelys as meetinstrument

3.2.2. Tipes vraelyste

Mahlangu (1987:79-80) en De Wet et al. (1981:63) onderskei twee soorte vraelyste, naamlik:

(1) Die gestruktureerde vraelyste: Hierdie tipe vraelys vereis slegs 'n kort respons. Daar word 'n vraag gestel en moontlike alternatiewe antwoorde word gegee. Die persone wat die vraelyste beantwoord moet slegs 'n keuse maak soos byvoorbeeld tussen JA en NEE.

(2) Die ongestruktureerde vraelyste: By hierdie tipe vraelys word geen alternatiewe antwoorde verstrek nie. Die respondent kry hier geleentheid om self sy antwoorde vir elke vraag te formuleer. Daar is veral een probleem verbonde aan hierdie tipe vraelys soos Mahlangu (1987:80) dit stel: "In responding to open questionnaires, subjects may omit certain points or emphasis things that are of no interest to the researcher and of no importance to the research".

3.2.3 Redes vir die keuse van die vraelys vir hierdie navorsing

Vir die doel van hierdie navorsing is besluit om 'n gestruktureerde vraelys op te stel omdat die response makliker ontleed en verwerk kan word (De Wet et al. , 1981:63). Hierdie vraelyste is opgestel om inligting te verkry oor bestaande gebruike en gebeurtenisse of voorvalle van die onlangse verlede.

3.2.3.1 Die voordele van die vraelys

Van Niekerk (1986:153), Teichler (1982:110) en Mahlangu (1987:80) noem die volgende voordele van die vraelys:

- 'n Wye, maar verteenwoordigende geografiese terrein kan deur die ondersoek gedek word.
- Steekproewe kan baie akkuraat geneem word.
- Koste is relatief laag.
- Response behoort redelik objektief te wees.
- Die response kan maklik verwerk word.
- Anonimiteit het 'n meer eerlike antwoord tot gevolg.
- Slegs aspekte van belang word beantwoord.
- Resultate kan maklik getabuleer en opgesom word.

3.2.3.2 Die nadele van die vraelys

De Wet et al. (1981:163) asook Janse van Rensburg (1987:44) onderskei die volgende nadele van die vraelys:

- Respondente kan gedwing word om response te kies wat nie vir hulle bevredigend is nie.
- Vrae kan verskillend deur die respondente vertolk word.
- Die beantwoording van die vraelys kan gedelegeer word.
- Die korrektheid van die response word moeilik bepaal.

3.2.4 Vereistes by die opstel van die vraelys

Indien oor die formulering van die vraelys deeglik besin word, kan baie probleme vermy word, ten opsigte van die interpretering van die data. Mahlangu (1987:80-81) vermeld die volgende voorstelle om die geskrewe vraelys op te stel:

- Die vraelys moet so opgestel word dat die respondent die indruk kry van deeglikheid.
- Die vraelys moet kort en saaklik gehou word, sodat die beantwoording van die vrae die minimum tyd van die respondent in beslag neem.
- Formuleer die vrae sodat die items deur almal verstaan word en geen ondubbelsinnigheid kan voorkom nie.
- Formuleer die vrae sodat daar nie twyfel kan wees oor die antwoorde nie.
- Die items van die vraelys behoort so geformuleer te word dat die respondent nie bevooroordeel sal wees nie.
- Alternatiewe antwoorde moet volledig wees.
- Die vraelys se items moet die respondent nie mislei deur onvoltooide stellings nie.
- Vrae wat 'n reaksie van verrassing, suspisie of teë-sinnigheid by die respondent ontlok, moet liefers vermy word.
- Die vrae moet in 'n korrekte volgorde gevra word.
- Vrae moet ook so gestel word dat dit later maklik verwerk kan word.
- Ten slotte moet die vraelys netjies vertoon en die afdrukke moet ook baie duidelik wees.

3.2.5 Die loodsvraelys

Dit is wenslik om eers 'n loodsvraelys te struktureer (Mahlangu, 1987:82) alvorens die vraelys aan alle respondente voorgehou word. Daar is met hierdie navorsing aan tien studente aan die Sebokeng Onderwyskollege wat ook skoolhoofde is, of waargeneem het as skoolhoofde en slegs by die kollege met studieverlof is om hulle kwalifikasies te verbeter, voorlopige vraelyste gegee. Hulle is gevra om hierdie vraelyste in te vul. Nadat die vraelys anoniem beantwoord is, is gevra of daar enige probleme ondervind is met die vraelys. Daar was slegs een probleem en dit was 'n skoolhoof wat hoof van 'n plaasskool is wat nie deur die onlustoestande beïnvloed is nie. Daar is toe besluit om hierdie vraelys te ignoreer en 'n ander respondent is gevra om so 'n vraelys in te vul.

3.2.6 Die finale vraelys

Die finale vraelys is daarna sonder enige wysiging gedupliseer. (Kyk Bylaag C)

3.2.7 Die populasie

Saam met die vraelys is 'n begeleidende versoek aan die skoolhoofde mondelings gerig waarin gevra is dat die skoolhoofde die vrae moet bestudeer en daarna hulle antwoorde, deur middel van 'n regmerk in die betrokke spasie na elke vraag te maak. Die meeste vraelyste is tydens 'n hoofdevergadering aan die skoolhoofde gegee om in te vul en is dadelik na voltooiing

ingeneem. Op die presensielys is die skole gekontroleer wat wel daar verteenwoordig was. Vir die skole wat nie teenwoordig was nie, is die vraelyste persoonlik na die hoofde geneem om ingevul te word. Enkele hoofde wat middagklasse by die onderwyskollege bywoon is tydens die middagklasse gevra om die vraelys in te vul. Daar is 79 van die 94 primêre skole se vraelyste terugontvang asook 16 van die 18 sekondêre skole s'n.

TABEL 3.1

	Primêre skole	Sekondêre skole	Totaal	Persentasie
MOONTLIKE POPULASIE	94	18	112	100%
WERKLIKE POPULASIE	79	16	95	84,8%

Volgens Landman, (1980: 110- 118) moet ten minste 'n terugvoering van 70% verkry word ten einde betroubare afleidings ten opsigte van die studiepopulasie te maak. Die feit dat 'n 84,8% respons verkry is, beteken dat die afleidings wat gemaak word as betroubaar ten opsigte van die studiepopulasie aanvaar kan word. Die vraelys is aan alle skoolhoofde van skole vir swart leerlinge in twee kringe gegee om in te vul en voldoen die vraelys aan populasiegeldigheid (De Wet et al. 1981: 90)

3.2.8 Die doel met die vraelys

Die vraelys is in hierdie navorsing aangewend met die volgende doelwitte in gedagte:

- om te bepaal in watter mate die reëling van praktiese onderwys aan die Sebokeng Onderwyskollege en skole in die Vaaldriehoek deur onluste beïnvloed is;
- op watter wyse praktiese onderwys wel gereël is tydens onlustoestande;
- om te bepaal hoe probleme wat skoolhoofde ervaar het tydens die onluste, die reël van praktiese onderwys beïnvloed het;
- om te bepaal of 'n ander 'n reëlingsmodel vir praktiese onderwys moontlik is vir praktiese onderwys tydens onlustoestande.

3.2.9 Die besondere doel van elke vraag

In besonder is gepoog om die volgende inligting met elke vraag te verkry:

- Met Vraag 1 is in besonder gepoog om vas te stel watter invloed die onluste in geheel op praktiese onderwys in die Vaaldriehoek gehad het.
- Vraag 2 se doel was om vas te stel wat die skoolhoofde se spesifieke optrede in bogenoemde geval was. Dit is soos volg aan die skoolhoofde voorgehou: "Indien die toestande nie gunstig was vir studente om praktiese onderwys by u skool te ondergaan nie, het u as skoolhoof en personeel die betrokke studente na 'n ander skool of

na die kollege (die opleidingsinrigting) gestuur of het u gemeen dat toestande oral ongunstig was.

- Die besondere doel met Vraag 3 was om die skoolhoofde se mening te peil oor wat in die toekoms gedoen behoort te word ten opsigte van praktiese onderwys indien daar weer onluste sou uitbreek. Die spesifieke strekking van die vraag is soos volg: "Indien die onderwystoestande in die toekoms weens onluste ongunstig blyk te wees, moet studente enigsins na skole vir praktiese onderwys gaan?"
- Die doel met Vraag 4 was om die mening te peil van die huidige veiligheidstoestande. Die hoofde is gevra om op die volgende stelling te reageer: "Het die veiligheidstoestande ten volle genormaliseer sedert die begin van die 1987 of het die toestande slegs gestabiliseer?"
- Die doel met Vraag 5a was om vas te stel hoe veilig dit werklik vir dosente van die kollege is om skole te besoek. Die vraag is soos volg aan die skoolhoofde gestel: "Sou u as skoolhoof reken dat dit veilig is vir dosente om skole in alle woongebiede te besoek vir praktiese onderwysdoeleindes?"
- Die spesifieke doel met Vraag 5b was om die hoofde se mening te peil of dit nie veiliger sou wees indien dosente gesamentlik in groepe na skole sou reis indien hulle wel skole moet besoek vir praktiese onderwysdoeleindes nie?
- Die hoofdoel met Vraag 6 was om te bepaal of dit veilig al dan nie vir vroulike blanke dosente sou wees om skole alleen te besoek, aangesien daar meer as die helfte van die dosente wel vroulik is, en daar in die verlede van hulle verwag is om alleen skole, veral laerskole wat net tot en met st. 2 strek, te besoek. Die vraag is soos volg gestel: "Sou u reken dat dit veilig vir blanke vroulike dosente is om op hulle eie skole vir praktiese onderwysdoeleindes in alle woongebiede te besoek?"
- Die doel met Vraag 7 was om vas te stel of die skoolhoofde meen dat daar 'n model vir praktiese onderwys vir onstabiele toestande gestruktureer kan word al dan nie. Die vraag is soos volg geformuleer: "Kan 'n model vir praktiese onderwys vir abnormale en onstabiele onderwystoestande soos tydens 'n onlustoestand gestruktureer word?"
- Die doel met Vraag 8 is om vas te stel hoe veilig dit werklik vir dosente by skole is, indien onluste sou uitbreek terwyl die dosente by die skole is. Die vraag is soos volg geformuleer: "Indien dosente by u skool is en daar ontstaan 'n onlustoestand, sou u hierdie situasie kan hanteer?"
Hierdie vraag is van groot belang, aangesien baie blanke dosente aan die onderwyskollege van Sebokeng verbonde is en hulle lewens nie onnodiglik in gevaar gestel behoort te word nie.

- Die doel van Vraag 8b is om vas te stel watter skole wel in radiokontak met ander skole is. Die vraag is soos volg aan die skoolhoofde gestel: "Is u in radiokontak met ander skole asook die kringkantoor?"
- Vraag 9 se doel is om vas te stel of dit nie beter sou wees indien 'n student 'n dag voor die begin van die amptelike praktiese onderwystydperk wel die skole sou besoek om seker te maak dat toestande normaal is en praktiese onderwys wel kan plaasvind nie. Vraag 9 lui soos volg: "Voel u dat studente van opleidingsinrigtings 'n dag voor die tyd finale reëlings met die skool moet tref, om te verseker dat die toestande normaal is of nie?"
- Vraag 10 se doel is om vas te stel hoe skoolhoofde oor moontlike oplossings vir praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande voel.

Afhangende van die graad of intensiteit van die onlustoestande sou die volgende agt modelle as moontlikhede oorweeg kon word (elke model word kortliks beredeneer).

- Model 1. Leerlinge van skole word na die opleidingsinrigting vervoer, waar studente dan hulle lesse aanbied vir hierdie leerlinge.

Hierdie model het in die praktyk egter ook enkele voorwaardes waaraan voldoen moet word om suksesvol te kan wees. Die volgende is die belangrikste.

- * Daar moet leerlinge by die skole teenwoordig wees.
- * Vervoer moet beskikbaar wees om die leerlinge te vervoer. Uitsluitel moet verkry word wie vir die vervoer se vergoeding aanspreeklik gehou moet word.
- * Die ouers moet toestemming verleen dat die kinders wel die opleidingsinrigting mag besoek.
- * Die skoolhoof moet sy toestemming verleen. Die pligte van die klasonderwyser/es tydens so 'n besoek moet bepaal word.
- * In die geval van veral sub A tot standaard 2 leerlinge kan daar sekere probleme ontstaan, aangesien die opleidingsinrigting nie noodwendig ingerig is vir sulke leerlinge nie. (Vergelyk byvoorbeeld die grootte van die banke en stoele en die toiletgeriewe).
- * Die taalfaktor kan ook probleme skep indien slegs een skool se leerlinge vervoer word, aangesien die laerskole slegs leerlinge van een taalgroep insluit.

- Model 2. Studente word vir twee dae by skole geplaas. Die eerste dag berei hulle lesse voor, die volgende dag besoek die dosente die betrokke skole en die studente bied dan hulle evalueringslesse op die dag aan.

Hierdie alternatiewe oplossing vir praktiese onderwys by skole hou baie voordele in. Op die jaarprogram van die onderwyskollege word ruimte gelaat vir praktiese onderwys en slegs twee of drie dae voordat die studente na die skole gaan, word die betrokke skoolhoofde in kennis gestel. Die skoolhoofde word dan gevra of toestande by sy skool gunstig is. Die skoolhoof word ook verwittig van hoeveel studente sy skool sal besoek. Hierdie gesprek kan telefonies geskied of deur middel van 'n persoonlike besoek van een van die dosente. As hierdie model toegepas word, het die agitator nie genoeg tyd of geleentheid om praktiese onderwys by skole te ontwig nie, veral as die keuse van praktiese onderwysskole gereeld verander.

Belangrik is dat gedurende alle praktiese onderwysessies by skole die student homself, deur middel van sy studentekaart moet kan identifiseer by die skole. Anders kan die agitator homself maklik voordoen as 'n student van die onderwyskollege en praktiese onderwys by die skole probeer ontwig. Indien die gebruik dat die student homself moet kan identifiseer nie toegepas word nie, kan die agitator makliker toegang tot die skool verkry, die leerlinge opsweep en so die weg baan vir wegblyksies of ander vorme van geweld soos tydens onlustoestande in die verlede ondervind is.

Ander voordele van hierdie model as 'n moontlike oplossing is die volgende.

- * Die onderwysstudent kry die geleentheid om die spesifieke handboeke wat by die betrokke skool beskikbaar is te gebruik vir die lesinhoud. Die leerlinge van die skool is vertrouwd met die betrokke handboeke.

- * Die student kan self vasstel of al die leerlinge wel oor die betrokke handboeke beskik. Hy kan dan sy lesaanbieding daarvolgens aanpas.

- * Die student kry die geleentheid om die leerlinge te ontmoet en vas te stel wat die leerlinge reeds weet oor die betrokke lesinhoud of verwante lesinhoude.

- * Die student kry insae in die werk wat die vorige dae gedoen is.

- * Die student kry die geleentheid om die vakonderwyser te raadpleeg ten opsigte van die lesinhoud en die toepaslike onderrigmedia.

Daar is egter ook nadele aan hierdie model verbonde, soos die volgende:

- * Indien te veel studente by 'n seker skool opdaag, kan dit meebring dat die skool nie aan al die studente dieselfde hulp kan verleen nie. Dit sou, byvoorbeeld beter wees om al die studente eweredig volgens die standers te verdeel, sodat die evalueringslesse tegelykertyd vir al die leerlinge van 'n sekere standerd aangebied word.

- * Die beplanning moet baie deeglik voor die tyd gedoen word. Die praktiese onderwysorganiseerders moet presies weet hoeveel klasse van elke standerd by die betrokke skool beskikbaar is asook die taalmedium van die skool.

* Indien die studente wat versoek word om die skole te besoek vir praktiese onderwys in ander woongebiede wat verwyderd is, woonagtig is, kan dit vervoerprobleme meebring. Dit sluit ook addisionele vervoerkostes in.

- Model 3. Studente en dosente besoek op een dag gesamentlik die skole en studente bied hulle lesse wat hulle voorberei het aan. Daar word vooraf reëlings met die betrokke skole getref, sodat die studente lesse aanbied wat op die betrokke dag deur die onderwyser aangebied sou word.

Die oorsprong van hierdie alternatiewe model is die gebruik van die jaarlikse moderering wat by onderwyskolleges vir swartes die gebruik is. Tydens moderering word die name van die gekose studente wat lesse moet aanbied vir die modereringspaneellede, slegs 'n dag voor moderering bekendgemaak.

Moderering bestaan daaruit dat onderwyskundiges van die Departement van Onderwys en Opleiding van hoofkantoor kolleges besoek en in samewerking met die kringinspekteurs en hulle inspekteurs sekere studente se lesse by 'n skool evalueer. Die studente berei die les voor wat kan inskakel by die werksprogram of dit kan 'n hersieningsles wees. Die gemiddelde punte van die gekose aantal studente word dan vergelyk met die gemiddeld van die kursuspunt van die studente. Daar word gekyk na die korrelasie van die punte van die dosente en die modereringspaneel. Deur verskeie kolleges is versoek dat dosente teenwoordig moet wees as die studente die lesse aanbied. Dit is sedert 1988 die algemene gebruik dat 'n modereringspaneellid en 'n vakdosent op afsonderlike lesevalueringvorms die les/lesse van studente evalueer en dan word die gemiddelde punte geneem.

Hierdie model vereis 'n redelike groot organisasie en voorbereiding. Die skole moet betyds vooraf in kennis gestel word en sekere handboeke moet soms ook by die skole geleen word. By die primêre skole is die wysiging van die skoolrooster baie makliker vir die dag as by die sekondêre skole. By die sekondêre skole kan ook probleme ontstaan as die besoek te laat in die jaar plaasvind.

Indien van hierdie model gebruik gemaak word vir praktiese onderwys hoef die skole nie lank voor die tyd bekendgemaak te word nie. Studente wat gekies word, is gewoonlik betreklik min, sowat 10 - 18, en kan maklik met die opleidingsinrigting se voertuie vervoer word.

Studente is ook net vir 'n sekere tydperk by die skool en hoef net vir die tydperk van hulle lesse by die skool te wees. Daar sal dus nie veel studente op 'n slag by 'n skool wees nie. Studente sou ook van dieselfde eetfasiliteite soos die leerlinge in die gebied gebruik kon maak. Eetplekke by plaasskole is egter 'n groot probleem, tensy dit in gedagte gehou word en vooraf spesiaal reëlings getref word.

- Model 4. Die studente bly by die onderwyskollege en tree op as leerlinge - 'n gesimuleerde klassituasie.

Indien hierdie alternatiewe model geïmplementeer sou word, is daar beslis probleme aan verbonde. Studente wat leerlinge van 'n

sekere standaard moet probeer simuleer, ondervind nie groot probleme in die hoër standers nie, maar wel by die laer standers. By die sekondêre kursus gaan dit meer om die vakinhoudelike en nie soseer om sekere vaardighede soos skryf en lees nie. By die primêre kursus en veral in sub A tot en met standaard twee gaan dit meer om lees- en skryfvaardighede wat leerlinge eers moet bemeester. Dit is beslis moeiliker vir studente om sulke leerlinge te simuleer. Studente ken meestal die korrekte antwoorde wat nie altyd die geval by leerlinge is nie. Studente leer ook nie die verskil tussen leerlinge van bepaalde standers ken nie, en is die lesse nie spesifiek toegespits vir 'n sekere teikengroep nie.

Die grootste voordeel van hierdie model is, dat alle praktiese onderwysreëlings slegs vir die kollege geld en dat daar in sekere opsigte beter kontrole uitgeoefen kan word. Vakdidatiekdosente kan feitlik al hulle lesse alleen evalueer, wat 'n meer eenvormige standaard daarstel. Vervoerprobleme na die skole word ook uitgeskakel.

Daar moet egter streng kontrole uitgeoefen word ten opsigte van die teenwoordigheid van studente anders kan dit gebeur dat daar nie voldoende studente is wat as leerlinge optree nie.

- Model 5 Laat die studente wel die skole besoek en laat die ervare onderwysers van die skole die lesse van die studente evalueer. Die evalueringsvorm se kriteria word wel vooraf deeglik met die betrokke onderwysers behandel.

Hierdie model hou die voordeel in dat dosente geen gevaar loop om by skole gemolesteer te word nie. 'n Belangrike voorvereiste by hierdie model is egter dat die evalueringsvorm eers met die skoolhoof, en die personeel van die skole wat gebruik word, deeglik behandel moet word. Hier kan veral van swart dosente gebruik gemaak word om skole te besoek en te sorg dat die skole die nodige aantal evalueringsvorms ontvang en vertrouwd raak met die evalueringsvorm.

- Model 6 Studente en dosente gaan na plaasskole wat as 'n reel nie deur onluste geraak word nie. Die lesse wat voorberei is, word dan daar aangebied. Daar word vooraf reëlings met die plaasskole getref om die onderwerpe en vakinhoud te verkry van die lesse wat die onderwysers van die plaasskole op die betrokke dag sou aanbied.

Tans is daar baie plaasskole landswyd en ook in die Oranje Vaal Streek. Om dus geskikte plaasskole te kry, is nie 'n probleem nie. Plaasskole het in die verlede nie in direkte aanraking gekom met die onlustoestande nie. Daar is deur Sebokeng Onderwyskollege baie van plaasskole tydens die 1984 - onluste en daarna gebruik gemaak. Die skoolhoofde by plaasskole is baie tegemoetkomend en die meeste plaasbestuurders doen alles in hulle vermoë om alle moontlike geriewe soos kragopwekkers beskikbaar te stel. Sommige plaasskole beskik reeds oor elektrisiteit.

Daar is egter ook enkele probleme aan die model as oplossing verbonde, waarvan die volgende die belangrikste is:

- Plaasskole gaan gewoonlik net tot en met standaard ses, alhoewel daar tog enkeles is wat leerlinge tot en met standaard agt insluit.

- Die daaglikse vervoer van studente na plaasskole kan 'n probleem skep, want dit hou finansiële implikasies in.
- Die voorsiening van voedsel tydens etenstyd kan ook probleme veroorsaak, aangesien daar nie eetplekke in die omgewing vir die publiek is nie. Hierdie laaste probleem kan oorbrug word, deur vroegtydig voorsorgmaatreëls te tref.

Hierdie model hou egter ook baie voordele in.

Praktiese onderwys kan normaal plaasvind. Die studente kom in aanraking met plaasskole en die bestuur van plaasskole. Sekere aspekte van vakke soos landbou kan ook baie beter geïllustreer word as by gemeenskapsskole, waar die fisiese fasiliteite ontbreek. Dink hier byvoorbeeld aan die snoei van bome en die skeer van skape.

- Model 7 Daar vind geen praktiese onderwys plaas nie.

Indien geen praktiese onderwys gedoen word nie, sal die opleiding van studente beslis veel te wense oorlaat.

- Model 8 Laat die skoolhoofde die opleidingsinrigting in kennis stel, indien die toestande by hulle skole en in hulle woongebied ongunstig blyk te wees vir praktiese onderwys by die skole. (Kyk Bylaag C: Die oorspronklike vraelys)

Daar is 'n baie belangrike voorwaarde aan hierdie alternatiewe oplossing verbonde. Dit is naamlik dat die skoolhoofde en hulle personeel nie net versekerd moet wees dat die toestande by die skole gunstig is nie, maar ook in die hele omgewing. Die dosente moet immers na die skole reis voordat hulle lesse by skole kan evalueer. Verder moet die opleidingsinrigting die skoolhoofde baie goed ken en vertrou. Dit is dus belangrik dat die skoolhoofde en die opleidingsinrigting goeie kontak het en mekaar persoonlik ken.

Dit sou goed wees om meer as een hoof in die gebied te kontak om sodoende meer as een hoof se mening te verkry. Verder sou dit ook goed wees om die kringkantore vooraf te verwittig van moontlike besoeke aan skole.

3.3 Bevindings, besprekings en gevolgtrekkings ten opsigte van elke vraag

Aangesien die vraelys twee tipe skole, naamlik sekondêre en primêre skole insluit, sal die resultate afsonderlik vir elke tipe skool weergegee word.

(Opmerking: Die persentasies word in elke geval afgerond tot die naaste heelgetal. Dit sou kon meebring dat die groottotaal soms kan optel tot 99% of 101%).

3.3.1 Vraag 1: Invloed van onluste op praktiese onderwys

- Bevindings ten opsigte van Vraag 1

Op die eerste vraag, naamlik "Hoe het die onstabiele toestande by skole onderwysstudente se praktiese onderwystydperk by skole beïnvloed" is soos volg gereageer:

Van die 16 hoofde van sekondêre skole, meen 9 (56%) dat die onstabiele toestande 'n groot invloed gehad het, 5 (32%) het gemeen dat die invloed gering was, 1 (6%) het gemeen dat die onstabiele toestande geen invloed op die praktiese onderwys van studente gehad het nie en 1 (6%) het nie die vraag beantwoord nie.

Van die 79 hoofde van primêre skole van wie se vraelyste terugontvang is, meen 49 (62%) dat die onstabiele toestande wel 'n groot invloed op praktiese onderwys gehad het, 24 (31%) het aangedui dat die invloed van die onstabiele toestande gering was op praktiese onderwys en 6 (8%) het gemeen dat die onstabiele toestande geen invloed op die praktiese onderwys van studente gehad het nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 1

Die verskil in die antwoorde kan ook verklaar word uit die feit dat die onlustoestande nie oral dieselfde intensiteit gehad het nie.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 1

Uit die vraelys en die ander vermeldde inligting is dit duidelik dat die onlustoestande wel 'n baie groot invloed op praktiese onderwys by skole gehad het. Gesamentlik het 61% van die skoolhoofde van die sekondêre en die primêre skole aangedui dat die onlustoestande wel 'n groot invloed op praktiese onderwys by skole gehad het, terwyl slegs 8% aangedui het dat die onlustoestande geen noemenswaardige invloed op praktiese onderwys van studente gehad het nie.

3.3.2 Vraag 2: Optrede van die hoof ten opsigte van praktiese onderwys by skole tydens onlustoestande

- Bevindings ten opsigte van Vraag 2

Die tweede vraag, naamlik "Indien die toestande nie gunstig was vir studente om prakties onderwys by u skool te deurloop nie, wat het u met die betrokke studente gedoen?"

Van die 16 hoofde van sekondêre skole het 3 (18%) die betrokke studente na 'n ander skool gestuur, 6 (38%) het hulle na die kollege gestuur en 5 (31%) het gemeen alle skole is onveilig of die toestande is by alle skole ongunstig om praktiese onderwys te deurloop. Daar was 2 (13%) wat nie die vraag beantwoord het nie.

Van die 79 hoofde van primêre skole het 8 (10%) aangedui dat hulle die betrokke studente na 'n ander skool gestuur het, 57 (72%) het die studente na die kollege gestuur en 14 (18%) het gemeen geen skool is geskik om praktiese onderwys aan te bied nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 2

Indien die response van die skoolhoofde van primêre en sekondêre skole vergelyk word dan lê die grootstel verskil in die moontlikheid om studente na die kollege terug te stuur. 38% van die hoofde van sekondêre skole het die studente na die kollege gestuur, terwyl 72% van die hoofde van primêre skole die studente na die kollege gestuur het. Die verskil kan verklaar word uit die feit dat die skoolhoofde van sekondêre skole gemeen het dat 31% van mening was dat alle skole nie gunstig was vir praktiese onderwys, terwyl slegs 14% van die skoolhoofde van primêre skole die mening gehad het.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 2

Die meeste skoolhoofde het die studente na die onderwyskollege teruggestuur.

Die skoolhoofde het nie eenvormig opgetree in die hantering van die studente wat tydens onlustoestande aanmeld vir praktiese onderwys nie. Dit blyk dat hoofde leiding sal moet ontvang in hierdie verband.

Die skoolhoofde het nie geweet hoe om die studente by hulle skole te akkommodeer nie. Die skoolhoofde het ook nie geweet hoe om die situasie te hanteer nie.

3.3.3 Vraag 3: Moet studente skole besoek tydens onlustoestande?

- Bevindings ten opsigte van Vraag 3

Die derde vraag, naamlik "Indien toestande in die toekoms nie normaal blyk te wees nie, as gevolg van onlustoestande, behoort studente wel die skole te besoek vir praktiese onderwysdoeleindes" is soos volg deur die skoolhoofde beantwoord.

Van die 16 hoofde van sekondêre skole meen 11 (69%) dat skole nie besoek behoort te word vir praktiese onderwys nie. 3 (18%) meen dat die skole wel besoek behoort te word, terwyl 2 (13%) nie die vraag beantwoord het nie.

Van die 79 hoofde van primêre skole het 66 (84%) gemeen dat die studente nie die skole behoort te besoek nie, terwyl 13 (16%) gemeen het dat hulle wel die skole behoort te besoek.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 3

Die grootste persentasie van die skoolhoofde van beide die sekondêre en die primêre skole meen dat skole tydens onlustoestande nie besoek behoort te word deur studente vir praktiese onderwys nie.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 3

Volgens die skoolhoofde se respons op hierdie vraag is dit duidelik dat hulle verkies dat studente eerder gedurende onlustoestande by die kollege moet wees en nie by skole waar die situasie onvoorspelbaar is nie.

3.3.4 Vraag 4: Toestande tans

- Bevindings ten opsigte van Vraag 4

Die vierde vraag wat spesifiek toegespits is op die veiligheidstoestand en of die toestande tans genormaliseer het of slegs gestabiliseer het, is soos volg beantwoord:

Van die 16 hoofde van sekondêre skole meen 6 (38%) dat toestande gestabiliseer het en 7 (44%) meen dat die toestande tans heeltemal genormaliseer het, terwyl 3 (18%) nie op die vraag gereageer het nie.

Van die 79 hoofde van primêre skole meen 21 (27%) dat die toestande heeltemal genormaliseer het, 57 (72%) meen dat die toestande slegs gestabiliseer het en 1 (1%) het nie op die vraag gereageer nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 4

By hierdie vraag hang dit waarskynlik baie van die gebied af waarin die skool geleë is, want indien die toestande in die gebied genormaliseer het, is daar 'n sterk moontlikheid dat die toestande by die skool ook genormaliseer het. Baie van die skole het tans nuwe moderne skoolgeboue en die klaskamer-leerlingverhouding is ook baie gunstiger as in 1984. In 1984 was die gemiddelde klaskamer -leerlingverhouding 1:72, terwyl dit in 1988 (Kringopnames:2) 1:47 is en die getalle verander steeds soos nuwe skole beskikbaar word.

Uit die response van hoofde van sekondêre skoolhoofde blyk dat 44% meen dat die toestande reeds genormaliseer het, terwyl slegs 27% van die skoolhoofde van primêre skole dieselfde mening toegedaan is. Daar is egter 'n baie groter verskil tussen die skoolhoofde van sekondêre skole wat meen dat toestande tans slegs gestabiliseer het, naamlik 38%, terwyl 72% van die skoolhoofde van primêre skole die mening toegedaan is. Hierdie verskil is onverklaarbaar, aangesien tydens onlustoestande dit veral die sekondêre skole was wat gesluit moes word in die Vaaldriehoek, en nie die primêre skole nie.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 4

Dit blyk dat in sommige gevalle die toestande by skole reeds genormaliseer het en by ander slegs gestabiliseer het.

3.2.5a Vraag 5a: Veiligheid van dosente

- Bevindings ten opsigte van Vraag 5a

Vraag 5a vra of skoolhoofde dit veilig sou ag indien dosente op hulle eie skole in alle areas vir praktiese onderwysdoeleindes sou besoek. Die reaksie was soos volg:

Van die hoofde van sekondêre skole meen 5 (31%) dat dit wel veilig is, 4 (25%) meen dat dit nie veilig is nie en 5 (31%) is onseker, terwyl 2 (13%) nie die vraag beantwoord het nie.

Van die hoofde van primêre skole het soos volg op die vraag gereageer: 25 (31%) meen dit is veilig, 32 (41%) reken dit is

nie veilig nie, en 20 (25%) is onseker, terwyl 2 (3%) nie die vraag beantwoord het nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 5a

Uit die response blyk dit dat daar 'n verskil is tussen die hoofde van sekondêre skole en skoolhoofde van primêre skole. Die grootste verskil blyk uit die 25% skoolhoofde van sekondêre skole wat meen dit is nie veilig vir dosente om skole alleen te besoek nie, terwyl 41% van die skoolhoofde van primêre skole die mening toegedaan is.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 5a

Dit blyk dat dit nog nie heeltemal veilig vir dosente is om sommer net skole na willekeur in swart woongebiede vir praktiese onderwysdoeleindes te besoek nie. Met hierdie response van die vraelys in gedagte is dit duidelik dat toestande nog nie so genormaliseer het dat dosente op hul eie skole behoort te besoek nie. Daar sal dus eers seker gemaak moet word of toestande wel veilig is wanneer skole deur dosente besoek moet word vir praktiese onderwys.

3.3.5b Vraag 5b: Dosentebesoeke individueel of in groepe

- Bevindings ten opsigte van Vraag 5b

Vraag 5b is soos volg aan die skoolhoofde gevra: "Sou dit beter wees indien dosente die skole in groepe vir praktiese onderwysdoeleindes besoek of nie?" Die resultate was soos volg:

Van die hoofde van sekondêre skole meen 15 (94%) dat dit beter sou wees, terwyl slegs 1 (6%) meen dat dit nie nodig is om in groepe die skole te besoek nie.

Van die hoofde van primêre skole meen 65 (81%) dat dit beslis beter sou wees, 12 (16%) meen dit is nie nodig nie, terwyl 2 (3%) nie die vraag beantwoord het nie.

- Bespreking ten opsigte van vraag 5b

Uit die response vir die hierdie vraag is daar 'n baie groot korrelasie tussen die response van die skoolhoofde van sekondêre skole en van primêre skole. Die grootste persentasie meen dat dit beslis beter is as dosente in groepe die skole sou besoek.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 5b

Uit die response kan die gevolgtrekking gemaak word dat die grootste persentasie van die skoolhoofde meen dat dit beter vir dosente is as hulle die skole in groepe sou besoek.

3.3.6 Vraag 6: Veiligheid van damesdosente

- Bevindings ten opsigte van Vraag 6

Van die hoofde van sekondêre skole meen 14 (88%) dat dit beslis nie veilig is vir damespersoneel om alleen die skole te besoek nie, terwyl 2 (12%) meen dat dit wel veilig is.

Van die hoofde van primêre skole meen 66 (84%) dat dit nie veilig is vir damespersoneellede om die skole alleen te besoek nie, terwyl 13 (16%) meen dat dit wel veilig is.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 6

By hierdie vraag moet in gedagte gehou word dat die toestande by skole baie veilig kan wees, maar die pad na die skool kan probleme skep.

Daar is 'n baie goeie korrelasie ten opsigte van die skoolhoofde van sekondêre skole en van skoolhoofde van primêre skole, naamlik 88% en 84%

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 6

Uit die antwoorde van die skoolhoofde, kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit onveilig vir 'n damesdosent is om alleen 'n skool te besoek. Maatreëls sal dus getref moet word om te voorkom dat dames alleen skole besoek.

3.3.7 Vraag 7: Moontlikheid om 'n Praktiese Onderwysmodel te struktureer

- Bevindings ten opsigte van Vraag 7

Vraag 7 het gehandel oor dié moontlikheid om 'n praktiese onderwysmodel vir onstabiele onderwystoestande te struktureer.

Die hoofde het soos volg op hierdie vraag gereageer:

Van die hoofde van sekondêre skole meen 11 (69%) dit is wel moontlik om so 'n model vir praktiese onderwys te struktureer; 3 (18%) meen dit is nie moontlik nie, terwyl 2 (13%) nie die vraag beantwoord het nie.

Van die hoofde van primêre skole meen 62 (78%) dit is wel moontlik om 'n model vir praktiese onderwys vir onstabiele onderwystoestande te struktureer, 15 (19%) meen dit is nie moontlik nie terwyl 2 (3%) nie die vraag beantwoord het nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 7

Die grootste persentasie van die skoolhoofde meen dat dit wel moontlik is om 'n praktiese onderwysmodel vir onstabiele onderwystoestande te struktureer. Slegs 18% van die skoolhoofde van sekondêre skole en 19% van die skoolhoofde van primêre skole meen dit is nie moontlik om wel so 'n model te struktureer nie. Daar is dus 'n goeie korrelasie tussen die response van die skoolhoofde van sekondêre en primêre skole.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 7

Die grootste persentasie van die skoolhoofde meen dit is wel moontlik om 'n alternatiewe model vir praktiese onderwys te struktureer. Daar moet 'n besliste poging deur die opleidingsinrigting vir onderwysers aangewend word om so 'n model wel te struktureer.

3.3.8a Vraag 8a: Skoolhoofde se hantering van die veiligheid van dosente by skole

- Bevindings ten opsigte van Vraag 8a

Die skoolhoofde het soos volg op die vraag gereageer:

Van die hoofde van sekondêre skole meen 8 (50%) dat hulle wel so 'n situasie by hulle skole sou kon hanteer; 3 (18%) meen hulle sou nie so 'n situasie kon hanteer nie terwyl 4 (25%) onseker is of hulle wel so 'n situasie sou kon hanteer en 1 (6%) het die betrokke vraag nie beantwoord nie.

Van die hoofde van primêre skole meen 23 (29%) dat hulle wel die situasie sou kan hanteer, met ander woorde die dosente sou veilig by die skool wees. Verder meen 22 (28%) hulle sou nie die situasie kan hanteer nie. Die dosente sou dus op hulleself aangewese wees vir hulle veiligheid. Daar is 34 (43%) wat onseker is of hulle so 'n situasie sal kan hanteer.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 8a

Skoolhoofde van sekondêre skole het meer positief op hierdie vraag geantwoord as skoolhoofde van primêre skole. 'n Baie groot persentasie is onseker of hulle wel so 'n situasie sou kon hanteer. Die werklike toets sal wees as skoolhoofde hulle die dag in so 'n situasie sal bevind.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 8a

Skoolhoofde is onseker of hulle wel die situasie van 'n skielike onlussituasie by hulle eie skool sou kon hanteer.

Dit blyk dus dat oorweging geskenk sal moet word aan wyses waarop skoolhoofde opgelei sal moet word om wel die situasie te kan hanteer.

3.3.8b Vraag 8b: Radio kontak by skole

- Bevindings ten opsigte van Vraag 8b

Van die sekondêre skole is daar op die stadium 6(38%) wat wel oor 'n twee-rigtingradio beskik.

Van die primêre skole is daar slegs 4 (5%) wat oor 'n twee-rigtingradio beskik, 67 (85%) beskik nie oor 'n twee-rigtingradio nie en 8 (10%) het die vraag nie beantwoord nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 8b

Uit die response kan afgelei word dat die meeste skole nie oor twee-rigtingradio's beskik nie. Slegs 4% van die skoolhoofde van primêre skole beskik wel oor 'n twee-rigtingradio. Daar is wel 38% van die skoolhoofde van sekondêre skole wat oor 'n twee-rigtingradio beskik.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 8b

Aangesien daar slegs 'n klein persentasie van die skole oor 'n twee-rigtingradio beskik, sal nie op die beskikbaarheid van 'n twee-rigtingradio staatgemaak kan word nie, en sal ander weë gevind moet word om ander maatstawwe vir veiligheidsdoeleindes te tref.

3.3.9 Vraag 9: Voorafbesoek deur studente

- Bevindings ten opsigte van Vraag 9

Die hoofde het soos volg op hierdie vraag gereageer:

Van die 16 hoofde van sekondêre skole meen 14 (88%) dit is beslis wenslik en beter om 'n dag voor die tyd finaal reëlings met die skoolhoofde te maak, 2 (12%) meen dit is nie nodig nie.

Van die hoofde van primêre skole meen 72 (91%) dat dit wenslik en beter sou wees indien studente 'n dag voor die tyd aanmeld, terwyl 7 (9%) meen dit is nie nodig nie.

- Bespreking ten opsigte van Vraag 9

Die grootste persentasie van skoolhoofde van beide die sekondêre skole en die primêre skole meen dat dit beter is, indien studente wel 'n dag of wat voor die tyd finaal reëlings met die skool sal tref. Skoolhoofde verkies beslis dat 'n student, verkieslik die groepleier hulle 'n dag voor die tyd behoort te besoek.

- Gevolgtrekkings ten opsigte van Vraag 9

Die meeste skoolhoofde verkies dat studente wel voor die tyd reëlings met die skoolhoof vir hulle praktiese onderwystydperk tref.

Hierdie praktyk behoort baie meer voordele in te hou as net die feit dat die studente op die hoogte kom van die veiligheidstoestande

3.3.10 Vraag 10: Moontlike modelle

3.3.10.1 Model 1

3.3.10.1.1 Bevindings ten opsigte van Model 1

Model 1 het gehandel oor die moontlike oplossing van die vervoer van leerlinge na die opleidingsinrigting gedurende onstabiele onderwystoestande.

Die bevindings word in twee hoofkategorieë by elke model verdeel, naamlik die vir die sekondêre en die vir die primêre skole.

Tabel 3.2: Respons ten opsigte van Model 1

Primêre skole	n=	%
swak oplossing	59	75%
ondergemiddelde oplossing	7	9%
gemiddelde oplossing	2	3%
goeie oplossing	8	10%
uitstekende oplossing	3	4%
Totaal:	79	100% *
Sekondêre skole	n=	%
swak oplossing	9	56%
ondergemiddelde oplossing	1	6%
gemiddelde oplossing	2	13%
goeie oplossing	2	13%
uitstekende oplossing	2	13%
Totaal:	16	100% *

(* Kyk opmerking by paragraaf 3.3)

3.10.1.2 Bespreking ten opsigte van Model 1

Die meeste skoolhoofde het hierdie model as 'n swak model beoordeel. Van die skoolhoofde van primêre skole het 75% gemeen dat die model 'n swak oplossing bied, terwyl 56% skoolhoofde van sekondêre skole hierdie mening toegedaan was. Die verskil kan verklaar word uit die aanpasbaarheid van byvoorbeeld 'n sub B-leerling by die kollege en die van 'n standerd nege-leerling. Dit sal beslis makliker vir 'n standerd nege-leerling wees as vir 'n sub B-leerling.

Slegs 4% van die skoolhoofde van primêre skole het die oplossing as uitstekend geklassifiseer, terwyl 13% van die skoolhoofde van sekondêre die oplossing as uitstekend beoordeel het.

3.3.10.1.3 Gevolgtrekking ten opsigte van Model 1

Model 1 bly 'n alternatiewe oplossing wat in gedagte gehou moet word tydens onstabiele onderwystoestande.

Die meeste hoofde het hierdie alternatiewe model vir praktiese onderwys as 'n swak oplossing geëvalueer. Hierdie oplossing sal dus nie sterk oorweeg kan word nie.

3.3.10.2 Model 2

3.3.10.2.1 Bevindings ten opsigte van Model 2

Die tweede model behels dat wanneer die toestande normaal voorkom, die studente na sekere skole gestuur word om lesse vir evalueringdoeleindes voor te berei. Die studente moet dan veral

lesse voorberei wat die onderwyser die daaropvolgende dag self sou aanbied. Hulle kry ook geleentheid om met die leerlinge kennis te maak. Die volgende dag word hulle deur die dosente besoek en moet hulle die voorbereide lesse aanbied.

Tabel 3.3. Response ten opsigte van Model 2

Primêre skole	n=	%
swak oplossing	5	6%
ondergemiddelde oplossing	6	8%
gemiddelde oplossing	7	9%
goeie oplossing	40	51%
uitstekende oplossing	21	27%
Totaal	79	100%
Sekondêre skole	n=	%
swak oplossing	3	19%
ondergemiddelde oplossing	3	19%
gemiddelde oplossing	4	25%
goeie oplossing	4	25%
uitstekende oplossing	1	6%
nie beantwoord nie	1	6%
Totaal	16	100%

3.3.10.2.2 Bepreking ten opsigte van Model 2

Uit die response is daar 'n groot verskil te bespeur tussen die skoolhoofde van primêre skole en van skoolhoofde van sekondêre skole. Die grootste verskil is by die kategorie "goeie oplossing" te sien en daarna die kategorie "uitstekende oplossing". 'n Moontlike rede kan wees dat hierdie model groter ontwrigting kan meebring by sekondêre skole as by primêre skole.

3.3.10.2.3 Gevolgtrekking ten opsigte van Model 2

Die meeste skoolhoofde het hierdie model as 'n goeie oplossing geëvalueer. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat hierdie oplossing baie meer aanvaarbaar as die vorige een is. Hierdie een behoort dan ook voorrang bo die vorige moontlikheid te geniet.

3.3.10.3 Model 3

3.3.10.3.1 Bevindings ten opsigte van Model 3

Die derde alternatiewe oplossing is dat studente en dosente op dieselfde dag sekere skole besoek. Op hierdie dag bied die studente dan hulle lesse aan en word die studente se lesse deur die dosente geëvalueer. Vooraf word reëlins met die vakonderwysers van die skool getref om vas te stel watter lesse op die dag deur die onderwyser aangebied word. Hierdie inligting word dan aan die studente gegee.

Tabel 3.4 Response ten opsigte van Model 3

Primêre skole	n=	%
swak oplossing	12	15%
ondergemiddelde oplossing	4	5%
gemiddelde oplossing	52	66%
goeie oplossing	10	13%
uitstekende oplossing	1	1%
Totaal:	79	100%
Sekondêre skole	n=	%
swak oplossing	4	25%
ondergemiddelde oplossing	2	13%
gemiddelde oplossing	4	25%
goeie oplossing	6	38%
uitstekende oplossing	0	0%
Totaal:	16	100%

3.3.10.3.2 Bespreking ten opsigte van Model 3

As tabel 3.4 vergelyk word met die gegewens in tabel 3.2 en 3.3 blyk dit dat hierdie oplossing beter is as die in tabel 3.2 maar nie so goed vertoon soos die oplossing in tabel 3.3 nie.

Alhoewel daar 'n goot persentasie skoolhoofde is wat hierdie model as 'n gemiddelde of goeie oplossing geklassifiseer het, is daar by die skoolhoofde van primêre skole selgs een persent wat hierdie oplossing as uitstekend geklassifiseer het, terwyl by die skoolhoofde van sekondêre skole geen skoolhoof hierdie oplossing as uitstekend geklassifiseer het.

3.3.10.3.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 3

Uit die response kan die gevolgtrekking gemaak word dat hierdie model as 'n aanvaarbare oplossing deur die grootste persentasie skoolhoofde geklassifiseer word, aangesien die grootste persentasie hierdie model of as "gemiddeld" of as 'n goeie oplossing geëvalueer het.

3.3.10.4 Model 4

3.3.10.4.1 Bevindings ten opsigte van Model 4

Hierdie model stel voor dat mede-studente as leerlinge optree. Daar word 'n rooster opgestel en die vakdosente bepaal die vakinhoud van elke student se les, sodat nie al die studente dieselfde les in 'n bepaalde vak aanbied nie.

Tabel 3.5: Die response ten opsigte van Model 4

Primêre skole	n=	%
swak oplossing	72	91%
ondergemiddelde oplossing	2	3%
gemiddelde oplossing	3	4%
goeie oplossing	1	1%
uitstekende oplossing	1	1%
Totaal:	79	100%
Sekondêre skole	n=	%
swak oplossing	12	75%
ondergemiddelde oplossing	2	13%
gemiddelde oplossing	2	13%
goeie oplossing	0	0%
uitstekende oplossing	0	0%
Totaal:	16	100%

3.3.10.4.2 Bespreking ten opsigte van Model 4

Indien hierdie model se response met die vorige drie vergelyk sou word, vertoon hierdie model die swakste. 91% van die skoolhoofde van primêre skole het hierdie model as 'n swak oplossing geklassifiseer en nie minder as 75% van die skoolhoofde van sekondêre skole het hierdie oplossing ook as 'n swak oplossing geklassifiseer. Slegs een persent van die skoolhoofde van primêre skole het hierdie oplossing as uitstekend geklassifiseer, terwyl geen skoolhoof van 'n sekondêre skool hierdie model as uitstekend geklassifiseer het nie.

3.10.4.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 4

Volgens die response van die skoolhoofde van primêre sowel as sekondêre skole is hierdie model 'n swak oplossing.

Indien tabel 4 met enige vorige tabel vergelyk word, vertoon model 4 beslis die swakste. Hierdie model is miskien wel die maklikste, maar sou waarskynlik eers gebruik word as al die ander nie meer implementeerbaar is tydens 'n onlustoestand nie.

3.3.10.5 Model 5

3.3.10.5.1 Bevindings ten opsigte van Model 5

Die vyfde alternatiewe model om praktiese onderwys tydens 'n onlustoestand te deurloop is dat die studente wel na skole vir praktiese onderwysdoeleindes gaan. Die dosente besoek nie die skole nie. Die evalueringslesse word dan deur die ervare onderwysers geëvalueer. Hierdie onderwysers word wel deeglik opgelei om die lesse te evalueer.

Tabel 3.6: Response ten opsigte van vir Model 5

Primêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	7	9%
ondergemiddelde oplossing	12	15%
gemiddelde oplossing	14	17%
goeie oplossing	43	54%
uitstekende oplossing	3	4%
Totaal:	79	100%
Sekondêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	2	13%
ondergemiddelde oplossing	0	0%
gemiddelde oplossing	7	44%
goeie oplossing	6	38%
uitstekende oplossing	1	6%
Totaal:	16	100%

3.10.5.2 Bespreking ten opsigte van Model 5

Die grootste persentasie van die response het aangetoon dat hierdie model 'n baie aanvaarbare model blyk te wees. Tot 54% van die skoolhoofde van primêre skole het hierdie model as 'n goeie oplossing geklassifiseer, terwyl 38% van die skoolhoofde van sekondêre skole hierdie mening toegedaan was. Alhoewel slegs 17% skoolhoofde van primêre skole hierdie model as 'n gemiddelde oplossing geklassifiseer het, het 44% van die skoolhoofde van sekondêre skole hierdie model as 'n gemiddelde oplossing geklassifiseer.

3.3.10.5.3 Gevolgtrekking ten opsigte van Model 5

Hierdie alternatiewe oplossing vir praktiese onderwys is, indien die resultate van Tabel 3.6 met die in Tabel 3.5 vergelyk word, beslis 'n beter oplossing. Hierdie model kan beslis oorweeg word na aanleiding van die die response van beide die skoolhoofde van primêre sowel as sekondêre skole.

3.3.10.6 Model 6

3.3.10.6.1 Bevindings ten opsigte van Model 6

Model 6 se oplossing is om van gepaste plaasskole in die omgewing gebruik te maak. Plaasskole het in die verlede nie die onlustoestande beleef nie. Die skoolhoofde het soos volg op die model gereageer:

Tabel 3.7: Response ten opsigte van Model 6

Primêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	11	14%
ondergemiddelde oplossing	7	9%
gemiddelde oplossing	6	8%
goeie oplossing	36	46%
uitstekende oplossing	19	24%
Totaal:	79	100%
Sekondêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	4	25%
ondergemiddelde oplossing	1	6%
gemiddelde oplossing	4	25%
goeie oplossing	5	31%
uitstekende oplossing	2	13%
Totaal:	16	100%

3.10.6.2 Bespreking ten opsigte van Model 6

Indien die response van die hierdie model tussen die skoolhoofde van primêre en sekondêre skole met mekaar vergelyk sou word, blyk dit dat die skoolhoofde van primêre skole hierdie model baie gunstiger geklassifiseer het as die skoolhoofde van sekondêre skole. Die skoolhoofde van sekondêre skole het selfs 25% as 'n swak oplossing geklassifiseer. Indien die kategorie "goeie oplossing" en "uitstekende oplossing" se response bymekaar getel sou word, is die skoolhoofde van primêre skole se totaal 70%, terwyl die van die skoolhoofde van sekondêre skole slegs 44% is.

3.3.10.6.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van Model 6

Die skoolhoofde het baie positief op hierdie alternatiewe oplossing gereageer. Indien Tabel 6 met die vorige tabelle vergelyk sou word, vertoon hierdie model baie gunstig. Dit blyk dus dat hierdie model sterk oorweeg kan word, veral in die geval waar die onluste sulke afmetings aanneem dat leerlinge nie meer gemeenskapsskole bywoon nie.

3.3.10.7 Model 7

3.3.10.7.1 Bevindings ten opsigte van Model 7

Hierdie alternatiewe oplossing stel voor dat daar geen praktiese onderwys tydens onlustoestande by skole moet plaasvind nie. Alle afdelings van instituutpraktikum sal by die opleidingsinrigting gedoen word.

Tabel 3.8: Response ten opsigte van Model 7

Primêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	67	85%
ondergemiddelde oplossing	9	11%
gemiddelde oplossing	2	3%
goeie oplossing	1	1%
uitstekende oplossing	0	0%
Totaal:	79	100%
Sekondêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	10	62%
ondergemiddelde oplossing	2	13%
gemiddelde oplossing	3	19%
goeie oplossing	0	0%
uitstekende oplossing	1	6%
Totaal:	16	100%

3.3.10.7.2 Bespreking ten opsigte van Model 7

Indien die response van hierdie model van die skoolhoofde van primêre skole en sekondêre skole met mekaar vergelyk word, is die grootste verskil die klassifisering van 'n gemiddelde oplossing. Slegs 3% van die skoolhoofde van primêre skole het hierdie model as gemiddeld geklassifiseer, terwyl 19% van die skoolhoofde van sekondêre skole hierdie oplossing as gemiddeld geklassifiseer het.

3.3.10.7.3 Gevolgtrekking ten opsigte van Model 7

Indien geen praktiese onderwys by skole sou plaasvind nie, kry die student geen geleentheid om met die werklike onderwyssituasie in aanraking te kom nie. Vir die student sal dit 'n groot aanpassing wees die dag as hy/sy werklik begin skoolhou. Baie waardevolle ondervinding sal verlore gaan. Die hele opleiding sal baie teoreties georiënteerd wees en baie aspekte sal vir die student moeilik verstaanbaar wees, soos byvoorbeeld die handhawing van dissipline.

Indien tabel 7 met al die vorige tabelle vergelyk word, vertoon tabel 7 beslis die mees ongewenste oplossing. Hierdie oplossing moet dus glad nie eers oorweeg word nie, aangesien dit tot 'n groot praktykskok aanleiding kan gee met die toetreding tot die onderwysprofessie. Die student sal belangrike praktiese aspekte slegs teoreties kan bestudeer en nie self beleef nie.

Hierdie alternatiewe oplossing vir die normale praktiese onderwysprosedure, stel voor dat die skoolhoofde en hulle personeel self moet besluit of die situasie by hulle skole ongunstig blyk te wees vir praktiese onderwysdoeleindes.

Tabel 3.9: Response ten opsigte van Model 8

Primêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	1	1%
ondergemiddelde oplossing	1	1%
gemiddelde oplossing	3	4%
goeie oplossing	7	9%
uitstekende oplossing	67	85%
Totaal:	79	100%
Sekondêre skoolhoofde	n=	%
swak oplossing	0	0%
ondergemiddelde oplossing	0	0%
gemiddelde oplossing	0	0%
goeie oplossing	4	25%
uitstekende oplossing	12	75%
Totaal:	16	100%

Daar is 'n besondere goeie korrelasie tussen die response van die skoolhoofde van primêre skole en skoolhoofde van sekondêre skole ten opsigte van hierdie model. Die grootste persentasie het hierdie model as uiters geskik gesien, deurdat hulle hierdie oplossing as 'n goeie of uitstekende oplossing geklassifiseer het.

Hierdie alternatiewe oplossing is as die mees gunstige model geëvalueer, indien tabel 8 met al die vorige tabelle vergelyk sou word.

3.3.11 Algemene samevatting en gevolgtrekking ten opsigte van die vraelys

Uit die response op die vrae, kan die volgende algemene gevolgtrekkings gemaak word:

- die onluste het 'n groot invloed op die reëling van praktiese onderwys vir Sebokeng Onderwyskollege gehad;
- studente het wel skole vir hulle praktiese onderwys besoek, maar skoolhoofde het nie presies geweet wat om met die studente te doen nie as die toestande onstabiel was;
- studente moet eerder by die kollege bly en nie skole tydens onlustoestande besoek nie;
- dit blyk dat in sommige gevalle die toestande by skole reeds genormaliseer het en by ander slegs gestabiliseer het;
- dit blyk dat dit nie heeltemal veilig vir dosente is om skole in swart woongebiede tydens onstabiele onderwystoestande te besoek nie;
- dit blyk uit die response dat dosente nie skole alleen behoort te besoek nie;
- maatreëls sal getref moet word om te voorkom dat dames alleen skole besoek;
- dit blyk dat die skoolhoofde van skole wel meen dat 'n alternatiewe model vir praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande gestruktureer kan word;
- skoolhoofde is onseker of hulle 'n onlussituasie by hulle skole sou kon hanteer as dosente daar is;
- slegs enkele skole beskik tans oor 'n twee-rigtingradio;
- die meeste skoolhoofde verkies dat studente 'n dag voor die tyd reëlings met die skoolhoof tref en
- die model dat geen praktiese onderwys by skole gedoen word (model 7) asook die model dat studente moet optree as leerlinge (model 4) is uiters ongunstig beoordeel.

Die agt alternatiewe modelle vir praktiese onderwys kan of afsonderlik geïmplementeer word of kan ook gekombineer word. Alles hang nog steeds van die spesifieke situasie af. Daar sal tydens onlustoestande sekere tendense ooreenstemmend wees, maar geen onlustoestand sal presies soos die voriges of die daaropvolgendes wees nie.

Daar is verskillende grade van onstabiliteit en die grade sal die model bepaal wat gevolg kan word. So is daar byvoorbeeld soms slegs 'n vermoede dat daar by skole 'n onlussituasie heers, of daar is sprake dat daar geen leerlinge by die skole sal wees nie. Die modelle wat telkens gevolg sal kan word om by die graad van onstabiliteit te pas, sal in hoofstuk vier bespreek word.

3.4 Addisionele inligting bekom deur middel van 'n gestruktureerde onderhoud

3.4.1 Inleiding

Aangesien die vraelys slegs aan die hoofde van skole vir swart leerlinge gegee is om in te vul, is die inligting aangevul deur middel van 'n gestruktureerde onderhoud wat gevoer is met 'n voormalige departementshoof wat vroeër ook rektor aan 'n ander onderwysinrigting was, mnr. B.J. Vorster. By albei die inrigtings het mnr. Vorster onluste beleef. Mnr. Vorster het die 1975-1976 onluste persoonlik ondervind asook die 1984-1985-onluste. Mnr. Vorster het 'n deeglike insig en begrip van die onluste in die RSA. Hy is tans nog verbonde aan die Sebokeng Onderwyskollege as dosent in Geskiedenis.

Die belangrikste doelwit met hierdie onderhoud was om die kant van die dosente te stel, hoe hulle die onluste ervaar het.

3.4.2 Die onderhoud as metode van navorsing

Van al die metodes en tegnieke in navorsing, is die persoonlike onderhoud seker een van die belangrikste metodes. Mahlangu (1987:87) meen dat deur middel van hierdie metode die navorsers in opvoedkunde 'n vertroulike verhouding daarstel om op hierdie wyse inligting te bekom wat nie deur enige ander metode bekom kan word nie.

- Tipes onderhoude

Daar is verskeie tipes onderhoude (Mahlangu, 1987:88), naamlik:

- (i) Die formele of gestruktureerde onderhoud: Hier word vrae gestel en die antwoorde word op 'n gestandaardiseerde skedule ingevul.
- (ii) Die minder formele of semi-gestruktureerde onderhoud: Hier staan dit die onderhoudvoerder vry om die volgorde van die vrae te verander, te verduidelik en by te voeg.
- (iii) Die ten volle informele of ongestruktureerde onderhoud: Hier maak die onderhoudvoerder slegs gebruik van 'n paar hoofgedagtes en formuleer sy vrae na aanleiding daarvan of na aanleiding van die antwoorde wat hy ontvang.
- (iv) Die nie-rigtinggewende onderhoud: Hier speel die onderhoudvoerder 'n ondergeskikte rol en vra slegs wanneer nodig.

3.4.3 Die voordele van die onderhoud

Daar is verskeie voordele aan die onderhoud verbonde, waarvan die volgende deur Mahlangu (1987:89-90) vermeld word.

* Aanpasbaarheid

Die onderhoudvoerder kan vrae herhaal, vrae verder verduidelik en toelig indien die vrae verkeerd verstaan word.

* Respondente

Daar is geen beperking ten opsigte van tyd by die onderhoud betrokke nie. Selfs persone wat nie kan lees of skryf nie, kan vrae tydens die onderhoud beantwoord.

* Nie - verbale gedrag

Die onderhoudvoerder is teenwoordig en kan ook nie-verbale gedrag waarneem om die geldigheid van die respondent se antwoord(e) te bepaal.

* Kontrole oor die omgewing

Die onderhoudvoerder kan die omgewing standaardiseer.

* Die volgorde van die vrae

Die onderhoudvoerder het volle kontrole oor die volgorde van hoe die vrae beantwoord moet word.

* Spontaneïteit

Die persoon wat antwoorde verstrek, beantwoord die vrae soos wat hulle kom, en kan nie antwoorde wat verstrek is, ongedaan maak nie.

* Antwoorde word slegs deur die respondent beantwoord

Die respondent kan nie ander persone vra om hom/haar te help met die beantwoording van die vrae nie.

* Volledigheid

Die onderhoudvoerder kan seker maak dat alle vrae beantwoord word, en kan dadelik vasstel waarom 'n sekere vraag nie beantwoord word nie.

* Die juiste tyd van die onderhoud kan aangeteken word.

Die juiste tyd, dag en datum wanneer die onderhoud gevoer is, kan aangeteken word.

* Moontlikheid om moeilike, ingewikkelde vrae te beantwoord

Baie moeilike vrae kan beantwoord word deur middel van die onderhoud, wat nie met die vraelys moontlik is nie.

3.4.4 Nadele van die onderhoud

Daar is egter ook 'n aantal nadele aan die onderhoud verbonde. De Wet et al. (1981:163) noem die volgende:

* Dit is moeilik om die betroubaarheid van die onderhoud te bepaal.

* Die vrae moet deeglik gestandaardiseer word anders kan antwoorde nie maklik met mekaar vergelyk word nie.

* Die onderhoudvoerder moet deeglik opgelei word.

* 'n Onderhoud is tydrowend en onekonomies.

Mahlangu (1987:91) noem nog enkele nadele ten opsigte van die onderhoud, naamlik: die respondent bly nie meer anoniem nie, die tyd van die onderhoud kan ongeleë wees, en die onderhoud kan soms groot onkoste meebring.

3.4.5 Die onderhoud self

Hierdie onderhoud is voor die tyd gestruktureer, op skrif gestel en tydens die onderhoud is die antwoorde van die vrae deur die onderhoudvoerder aangeteken.

Die volgende vrae is deur die onderhoudvoerder aan mnr. B.J. Vorster gestel en die response was telkens soos volg:

Vraag 1: Hoeveel onluste het u (mnr. B.J. Vorster) in u onderwysloopbaan in swart onderwys beleef?

Respons 1: Twee onluste: In 1976 en in 1984 (en daarna).

Vraag 2: Was al die onluste wat u beleef het landswyd of net tot een gebied beperk?

Respons 2: Aanvanklik was die onluste net tot sekere gebiede beperk, maar het later landswyd gestrek, alhoewel die intensiteit van die onluste van gebiede verskil het.

Vraag 3: Het u die onluste in 1984 en daarna in die Vaaldriehoek self beleef? Hoe vergelyk hierdie onluste met vorige onluste?

Respons 3: Ja, die onluste van 1984 te Sebokeng het ek (mnr. Vorster) self meegemaak. Die 1975 - 1976 onluste te Hebron en ander opvoedkundige inrigtings was gewelddadiger, aangesien lewens van blankes baie feller bedreig is. Die eie studente het ook die dosente in 1975-1976 bedreig, selfs in klasse, wat nie in 1984 te Sebokeng die geval was nie.

Vraag 4: Was die oorsake van onlus altyd dieselfde?

Respons 4: Die oorsake van die onluste in die land was nie altyd dieselfde nie, maar het telkens politieke motiewe ook ingesluit.

Vraag 5: Wat is volgens u die belangrikste aanleidende oorsaak of oorsake van die onlusgebeure in 1984 in die Vaaldriehoek en in besonder in Sebokeng?

Respons 5: Die huishuur en gebrek aan kommunikasie.

Vraag 6: Het die onlustoestande in al die gevalle van onlus 'n invloed op praktiese onderwys by die onderwysinrigtings waar u gewerk het, gehad?

Respons 6: Die onluste het in beide gevalle 'n groot invloed op praktiese onderwys en veral praktiese onderwys by skole gehad.

Vraag 7: Watter alternatiewe vorm van praktiese onderwys het u tydens onluste vroeër gevolg? En in 1984?

Respons 7: Die alternatiewe vorm van praktiese onderwys wat tydens onluste in beide gevalle gevolg is, was om lesse intern by die kollege af te neem en te evalueer.

Vraag 8: Het die toestande in die Vaaldriehoek (en ook landswyd) genormaliseer of het dit slegs gestabiliseer?

Respons 8: Die toestande het tans slegs gestabiliseer en nie genormaliseer nie.

Vraag 9: Sou u sê dat daar weer onluste in die toekoms kan voorkom? Waarom?

Respons 9: Daar kan beslis weer onluste in die toekoms voorkom, aangesien die probleem nog nie opgelos is nie - die huidige bestek van die regering word slegs getoets.

Vraag 10: Dink u dat daar 'n stelsel vir praktiese onderwys tydens onlustoestande gestruktureer kan word? (Kom ons sê ons maak gebruik van plaasskole, gaan slegs na skole in veilige woongebiede, of laat studente vir mekaar lesse aanbied).

Respons 10: Daar kan wel 'n stelsel vir praktiese onderwys tydens onlustoestande gestruktureer word, mits die studente wel by die kollege of opleidingsinrigting vir klasse opdaag.

Vraag 11: Watter alternatiewe moontlikheid vir praktiese onderwys sou u sê is die mees geskikste vir praktiese onderwys tydens onlustoestande?

Respons 11: 'n Goeie alternatiewe vorm vir praktiese onderwys tydens onlustoestande sou wees om 'n proefskool op die terrein van die kollege te bou, of om op " veilige" dae sekere skole te besoek.

Vraag 12: Dink u die stelsel soos wat met die laaste praktiese onderwysessie gevolg is, was 'n sukses? Dink hier aan die voorsorgmaatreëls wat getref is, die uitgaan na skole in groepe en die gebruik van twee-rigting radio's.

Respons 12: Ja, die reëlings was geslaagd en goed besin.

Vraag 13: Waarom dink u is praktiese onderwys so belangrik of dink u praktiese onderwys is van minder belang?

Respons 13: Praktiese onderwys en veral praktiese onderwys by skole is die kern van onderwysersopleiding. Modelle wat vir blanke onderwys geld, kan nie net so oorgeneem word nie.

3.4.6 Gevolgtrekkings ten opsigte van die onderhoud

Die belangrikste inligting wat deur middel van die gestruktureerde onderhoud verkry is, is dat die Sebokeng Onderwyskollege praktiese onderwys steeds as die kern van onderwysersopleiding beskou.

Toestande het huidiglik nog nie genormaliseer nie. Onluste kan in die toekoms weer voorkom.

Die onluste het groot ontwrigting vir die personeel van Sebokeng Onderwyskollege meegebring en die reëlings vir praktiese onderwys is beslis ontwrig.

3.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die vraelys as navorsingsinstrument bespreek. Die vraelys wat vir die doel van hierdie navorsing opgestel is, is in detail uiteengesit. Daar is tien vrae aan die skoolhoofde voorgehou en die response is weergegee en bespreek.

Daar is ook 'n gestruktureerde onderhoud opgestel. Hierdie onderhoud is met een van die Sebokeng Onderwyskollege se dosente gevoer om die inligting wat verkry is deur die response van die vraelys aan te vul en insig te verkry oor hoe die personeel van Sebokeng Onderwyskollege die onluste ervaar het ten opsigte van praktiese onderwys by skole.

In Hoofstuk 4 sal 'n algemen samevatting van die navorsing gegee word. Daar sal ook gevolgtrekkings vermeld word en bepaalde aanbevelings gedoen word oor die reëling van praktiese onderwys by skole tydens onstabiele onderwystoestande.

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

4.1 Inleiding

Praktiese onderwys is en bly 'n integrale komponent van onderwysersopleiding "wat in die jongste konsepte nie meer as 'n losstaande opleidingskomponent gesien word nie, maar as 'n integrerende deel van die totale opleidingsaprogram" (Kruger et al., 1981:22). Daarsonder bly onderwysersopleiding slegs 'n teoretiese opleiding. Trouens, dit het by die Departement van Onderwys en Opleiding so belangrik geword, dat daar afsonderlike sillabusse vir praktiese onderwys opgestel is. Daar is ook aanbeveel dat die praktiese onderwyssillabus die maak van onderrigmedia en mikro-onderrig moet insluit, sodat daar 'n eenheid tussen die verskillende komponente van praktiese onderwys kan bestaan. Die Departement van Onderwys en Opleiding se sillabus vir praktiese onderwys spel dit duidelik uit dat praktiese onderwys wel by die skole moet plaasvind (D.E.T. 1987:2). Die meeste universiteite spesifiseer ook dat praktiese onderwys wel by skole moet plaasvind en nie byvoorbeeld by die universiteit nie. Daar is sekere komponente van praktiese onderwys wat slegs by die skool ervaar kan word soos Gresse dit reeds in 1979 in 'n inligtingstuk duidelik uiteengesit het (Kruger et al., 1981:23), en reeds in Hoofstuk 2 vermeld is.

4.2 Die verband tussen instituutpraktikum en skoolpraktikum

Praktiese onderwys sluit nie alleen die uitgaan na skole toe in nie, maar ook die maak van onderrigmedia, mikro-onderrig, lesanalise en die bestudering van onderrigvaardighede. Verder sluit praktiese onderwys ook die skakeling met skole sowel as die kringkantore, die opstel van roosters en die liasering van vertroulike verslagvorme in. Verder is daar ook aspekte soos die opstel en behandeling van sinvolle waarnemingsopdragte en die evaluering van lesse. Sekere komponente geniet meer aandag in die instituutpraktikum, soos lesanalise, mikro-onderrig, die maak van onderrigmedia en die gebruik van moderne onderwystegnologie.

4.3 Die invloed van onstabiele toestande op praktiese onderwys

Tydens 'n onlussituasie soos dié van 1976 in veral Soweto en Noord-Transvaal en dié in 1984 landswyd, is daar groot probleme met die reëling van praktiese onderwys by skole ondervind. Baie studente kon nie die verpligte aantal lesse aanbied nie, aangesien daar by sommige skole nie eens leerlinge opgedaag het nie. Die skoolleerlinge is deur agitators opgesweepte soos uit koerante weerspieël word en deur Snyman in haar vermelde werkstuk vervat is. Dat daar 'n herhaling van sulke toestande in die toekoms kan voorkom is nie uitgesluit nie. In 1984 en die jare van onluste daarna was die onderwyskolleges vir Swartes nie voorbereid om aan alternatiewe modelle vir praktiese onderwys te dink en die modelle te struktureer nie. Daar is verskeie pogings aangewend om wel praktiese onderwys te laat plaasvind, aangesien die departementele opdrag is dat studente 'n sekere aantal lesse by skole moet aanbied. Die navorser het baie van hierdie modelle in die tyd van onstabiele onderwystoestande self help toepas.

4.4 Die doel van hierdie skripsie

Hierdie skripsie het eers die verskillende doelstellings met praktiese onderwys saamgevat. Verder is ook gedeeltelik die omvang van die onlustoestande uit verskeie bronne weergegee. Daar is ook aangetoon deur middel van 'n empiriese ondersoek watter invloed die onlustoestande van 1984 in die Vaaldriehoek op die reëling en uitvoering van praktiese onderwys gehad het. In die ondersoek is ook verskeie modelle vir praktiese onderwys aan skoolhoofde voorgehou om te evalueer. Daar is verder aangetoon dat die implemtering van die verskillende modelle afhang van die intensiteit van die onlusgebeure, en die effek wat die onlusgebeure op die normale praktiese onderwys het.

Dit bly nie uitgesluit dat toekomstige onluste andersoortig kan wees nie. Indien die onderwysstudente nie die kollege waar hulle hulle opleiding ontvang, bywoon nie, vervul immers alle praktiese onderwys. Gebeure by sekere universiteite, soos die Universiteit van Zululand, is 'n bewys daarvan.

4.5 Gevolgtrekkings

4.5.1 Verstandhouding tussen die skole en die opleidingsinrigting

Vir die implementering van alle alternatiewe modelle vir praktiese onderwys is dit van die grootste belang dat die skoolhoofde die kollege goedgesind moet wees. Daar behoort ook 'n noue kontak tussen die skole en die kollege se personeel te bestaan. Daar moet vir hierdie doel gereelde hoofdevergaderings met die kollegepersoneel gehou word. Tydens sulke vergaderings kan gemeenskaplike probleme aangespreek word en gesamentlike oplossings gesoek word.

4.5.2 Gevolgtrekkings na aanleiding van die empiriese ondersoek ten opsigte van die invloed van die onlusituasie op praktiese onderwys, met ander woorde vraag een tot nege

Die resultate van die empiriese ondersoek weerspieël dat die onlustoestande en die onlusgebeure 'n groot invloed op praktiese onderwys gehad het. 62% van die laerskoolhoofde en 56% van die hoërskoolhoofde het dit deur middel van die vraelys te kenne gegee, terwyl 30% en 31% onderskeidelik aangetoon het dat die onlusgebeure slegs 'n matige invloed op praktiese onderwys gehad het. Die meeste laerskoolhoofde (72%) het ook aangedui dat die toestande tans slegs gestabiliseer het. Alhoewel slegs 37% van die hoërskoolhoofde hierdie mening toegedaan is, moet in gedagte gehou word dat 19% nie 'n mening oor hierdie vraag aangedui het nie. Dat toestande tans beslis nog nie genormaliseer het nie, blyk uit antwoorde op vrae wat die veiligheid van blanke vroulike dosente in swart woongebiede bevraagteken het. Van die laerskoolhoofde het 87% te kenne gegee dat dit nie veilig is nie en 83% hoërskoolhoofde is dieselfde mening toegedaan. Dus kan hieruit afgelei word dat die toestande nog nie so genormaliseer het soos voor 1984 nie. Blanke dosente kon skole toe in swart woongebiede sonder enige moontlike risiko besoek het vir praktiese onderwysdoeleindes.

Die toestande skep groot organisatoriese probleme aangesien die

opleiding van die primêre afdeling van die laerskoolopleiding van studente, dit wil sê sub A tot std. 2 hoofsaaklik deur damespersoneel behartig word. Dit is daarom die aangewese oplossing en ook tans praktyk dat sulke skole wat net deur dames besoek sal word, tans ook deur een of twee mans besoek word. Die mans vergesel dus die damespersoneellede. Mansdosente voel nie geneë om van die lesse te evalueer nie, aangesien hulle nie daarvoor opgelei is nie.

Die meeste skoolhoofde is van mening dat daar wel 'n model vir praktiese onderwys vir gebruik tydens abnormale toestande gestruktureer sou kon word. Van die laerskoolhoofde is 65% en 68% van die hoërskoolhoofde hierdie mening toegedaan. Daar kan dus alternatiewe vorme van praktiese onderwys gevolg word. Indien daar wel 'n onlussituasie sou ontstaan en hierdie toestand ook skole sou betrek, blyk dit dat die skoolhoofde nie die veiligheid van personeellede kan waarborg nie. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die praktiese onderwysorganiseerders ook ander voorsorgmaatreëls moet tref.

4.5.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoek van alternatiewe modelle ten opsigte van praktiese onderwys.

Vir die doel van hierdie gedeelte van die empiriese ondersoek is daar agt alternatiewe modelle vir praktiese onderwys aan skoolhoofde voorgehou. Die skoolhoofde moes hierdie alternatiewe oplossings vir praktiese onderwys onder onstabiele onderwystoestande op 'n vyf - puntskaal evalueer. Hierdie modelle sou dan tydens onstabiele onderwystoestande oorweeg kon word afhangende van die omstandighede.

Die voorstel dat studente by die kollege moet bly en vir mekaar die lesse moet aanbied en wat dan deur vakdidaktiekdosente geëvalueer word (Model 4), is die maklikste en sekerlik die veiligste oplossing. Daar hoef geen reëlings met skole, kringkantore of die polisie getref te word nie. Hierdie voorstel of oplossing het die minste byval by skoolhoofde gevind. 75% van die hoërskoolhoofde het die oplossing as swak geklassifiseer en 91% van die laerskoolhoofde het dit ook so geklassifiseer. Dit is vir die kollegepersoneel beslis die veiligste oplossing aangesien hulle nie na die skole gaan nie en die werklike onlussituasie dus nie ervaar nie. Daar is dan ook nie die gevaar dat die dosente by skole deur betogende leerlinge lastig geval word nie. Hierdie model hou egter baie nadele in. Die studente leer nie die werklike onderwyssituasie ken nie. Die studente kry ook nie die geleentheid om die ontwikkelingspeil van leerlinge te peil nie en kan moeilik hierdie aspek later by leerlinge peil. Dosente wat ook nie die skole vir swart leerlinge besoek nie, raak ook nie vertrouwd met die werklike onderwyssituasie by skole vir swart leerlinge nie. Hierdie dosente kan dan net na toestande by skole uit hulle eie ervaringsveld verwys.

Die model dat die skoolhoofde die kollege in kennis moet stel of die toestaande gunstig vir die normale praktiese onderwys is (Model 8), het die grootste byval by skoolhoofde gevind. 84% van die laerskoolhoofde en 68% van die hoërskoolhoofde het die model as 'n uitstekende oplossing geëvalueer. Die skoolhoofde weet tog immers die beste wat die werklike toestand by hulle skole is. 'n Belangrike voorvereiste is dat die kollegepersoneel en die

skoolhoofde mekaar moet ken en vertrou. Gereelde vergaderings met skoolhoofde is die aangewese oplossing.

Die voorstel om glad nie praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande te doen nie (Model 7), het ook baie min byval gevind. Hierdie model druis ook in teen die departementele voorskrifte. Dit kan slegs toegepas word as studente vir die tydperk van praktiese onderwys nie die kollege of opleidingsinrigting besoek nie of indien daar 'n gebrek aan tyd is en 'n afdeling weggelaat moet word.

Die onlussituasie self en die omstandighede sal bepaal watter model die beste oplossing is. Daar moet nie by die maklikste en veiligste oplossing volstaan word nie. Daar behoort eerder gepoog te word om verskeie ander modelle te implementeer. Die model dat die studente by die kollege vir mekaar in 'n gesimuleerde situasie lesse aanbied, is wel in 'n uiterste noodtoestand die oplossing. Dit het by Sebokeng Onderwyskollege geblyk toe hierdie model gebruik is dat die studente baie gou verveeld raak vir hierdie soort lesse. Daar moet baie streng teenwoordigheidskontrole geneem word om te verseker dat studente wel in die klasse opdaag. 'n Indeling van studente in klasse moet ook vooraf gedoen word. Die studente wat vir 'n geruime tyd hierdie model volg, daal later nie meer af tot die ontwikkelingspeil van die kind in 'n spesifieke standaard nie. Dit kan probleme meebring met praktyktoetrede.

'n Kombinasie van verskillende modelle is ook moontlik. Die omstandighede sal telkens bepaal watter model die beste oplossing is.

4.6 Aanbevelings

4.6.1 Faktore wat in aanmerking geneem moet word by die reël van praktiese onderwys

Daar is sekere faktore wat in aanmerking geneem moet word by die reëling van praktiese onderwys. Die volgende is enkeles:

- * Sekere dae, soos die herdenkingsdae van onluste, byvoorbeeld 3 - 4 September, moet in aanmerking geneem word met die vasstelling van praktiese onderwysdatums. Daar sal beslissings probleme op sulke dae ondervind word.
- * Sekere belangrike gebeurtenisse, soos 'n algemene verkiesing moet in aanmerking geneem word.
- * Die jaarprogram moet nie die wet van Mede en Perse wees nie, maar sekere verskuiwings van datums moet moontlik wees.
- * Die praktiese onderwysrooster, wat voor die tyd uitgewerk word, moet ook op ander datums bruikbaar wees. So 'n rooster is 'n groot en tydrowende werk. Daar moet ook voorsiening vir die afwesigheid van personeellede gemaak word.
- * Die sekuriteitsfaktor. Dit is noodsaaklik om gedurende onlustoestande die veiligheidsmagte te skakel. Hierdie taakmagte, soos die onluspolisie, is verantwoordelik vir die

handhawing van wet en orde, asook die veiligheid van die puliek. Hierdie taakmagte moet voor die besoek aan skole geraadpleeg word nie en indien hulle geen bedenkinge het nie, moet hulle telefonies of skriftelik vroegtydig in kennis gestel word watter skole en watter gebiede vir praktiese onderwysdoeleindes op sekere dae besoek word. Dit is ook veiliger om praktiese onderwys, indien na gemeenskap-skole gegaan word, in gebiede te verdeel en die rooster daarvolgens uit te werk. So kan al die personeel op 'n sekere dag al die skole waar studente geplaas is in 'n betrokke woongebied besoek. Dit kan die taak van die veiligheidsmagte beslis vergemaklik.

Indien 'n probleem by een van die skole of by meer as een skool opduik, kan effektief en vinnig opgetree word. Vir elke groeppersoneellede wat by 'n spesifieke skool ingedeel is, moet daar 'n opgeleide groepleier wees. Hierdie groepleiers is verantwoordelik vir die vervoer en die bemanning van die twee-rigtingradio's. Hierdie groepleiers moet ook die woongebiede ken en die ligging van die skole. Verder moet die groepleiers ook weet waar die naaste polisiestasie geleë is en oor die nodige telefoonnommers beskik wat geskik kan word, sou die twee-rigtingradio defek wees. Om van die dienste van veiligheidsmagte om personeellede na skole te vergesel, gebruik te maak, moet liever afgesien word. Skoolhoofde het tydens persoonlike onderhoude te kenne gegee dat hulle heeltemal teen so 'n gebruik gekant is. Dit kan slegs agterdog wek.

Dit is ook beter om in groepe die skole te besoek. Saam met elke groepleier moet daar ook telkens 'n swart dosent die groep vergesel, veral aangesien hulle die taal magtig is en ook weet waar die skole geleë is en die kortpaaie ken. Na afloop van die daaglikse praktiese onderwys by skole moet die verskillende groepe by 'n sentrale plek op 'n spesifieke tyd bymekaarkom. Dit is om seker te maak dat almal veilig terug is en moontlike probleme wat opgeduik het, kan dan ook bespreek word.

4.6.2. Die kringinspekteurs en die skoolhoofde se samewerking in die reëling en aanbieding van praktiese onderwys

Dit is uiters noodsaaklik dat die kollege of opleidingsinrigting die heelhartige samewerking van die kringinspekteurs moet verkry. Die kringinspekteurs en hulle inspekteurs is feitlik elke dag by die skole in hulle kring en sal beslis weet indien daar by enige skool probleme bestaan. Daar moet dus 'n besonderse verhouding met die kringinspekteurs bestaan.

Skoolhoofde se heelhartige samewerking is ook van kardinale belang. Die skoolhoofde moet gereeld deur praktiese onderwysorganiseerders besoek word, sodat probleme wat skoolhoofde mag ondervind met die reëlings van praktiese onderwys bespreek kan word. Daar behoort ook jaarlikse vergaderings met die skoolhoofde belê te word waar gesamentlik praktiese onderwys asook ander probleme bespreek kan word. Skoolhoofde en die kringinspekteurs behoort ook na belangrike funksies van die opleidingsinstansie uitgenooi te word. Sodoende kan op 'n meer informele wyse goeie gesindhede gebou word.

4.6.3 'n Basiese handleiding vir praktiese onderwys

Alhoewel hierdie aanbeveling niks met die onlussituasie te doen het nie, het dit wel in die ondersoek na vore gekom en behoort dit die reël van praktiese onderwys baie te vergemaklik.

Aangesien praktiese onderwys as so 'n belangrike komponent van onderwysersopleiding geag word, moet daar gebruik gemaak word van 'n basiese handleiding vir praktiese onderwys. Hierdie handleiding kan verander en dit is dus raadsaam om dit jaarliks te hersien en volgens behoefte aan te pas. Hierdie handleiding moet dan jaarliks in byvoorbeeld, die jaarboek of in die vorm van 'n brosjure aan die studente en dosente beskikbaar gestel word. Die handleiding behoort die volgende aspekte in te sluit:

- * Die doelstellings met praktiese onderwys
- * Die verwysing na spesifieke vakdoelstellings met praktiese onderwys.
- * Wat praktiese onderwys alles insluit: -
Instituutpraktikum en skoolpraktikum, die verband tussen die twee komponente en hoe hierdie komponente mekaar aanvul.
- * Die gerigte waarneming. Die voorgeskrewe waarnemingsopdragte en inligting rakende die uitvoer van hierdie opdragte. 'n Taakboek vir die student is baie sterk aan te beveel. Hierdie taakboek kan ook gebruik word by die evaluering van die student vir praktiese onderwys, aangesien alle vrae op die praktiese onderwystydperk by skole van toepassing is en deur sommige onderwysdepartemente selfs voorgeskryf word. (vergelyk hier die inhoudsopgawe van die taakboek vir studente vir praktiese onderwys by skole vir Sebokeng Onderwyskollege in Bylae E opgeneem).
- * Die sake waaraan die student self moet aandag gee, soos die keuse van 'n skool en die beskikbaarheid van vervoer na die skool.
- * Die aantal lesse wat met elke praktiese onderwysessie aangebied moet word.
- * Die praktiese onderwysjoernaal se funksie en die verskillende afdelings van hierdie joernaal.
- * Die student se verhouding tot die skoolhoof, die personeel en die leerlinge, asook die regte en pligte van die student tydens praktiese onderwys.
- * Die pligte en funksie van die praktiese onderwysgroepleier.
- * Sekere belangrike aspekte om in gedagte te hou vir die aanbieding van lesse, soos die doel van die les, die onderrigmedia, die gebruik van die skryfbord of oorhoofse projektor en die wyse van vraagstelling.
- * Noodsaaklike dokumentasie, soos voorbeelde van roosters en evalueringsvorme.

Daar kan seker nog 'n hele aantal bygevoeg word, maar die hoofsaak is dat daar wel so 'n basiese handleiding opgestel word

vir praktiese onderwys.

4.6.4 Die kontrolelys of stiplys vir praktiese onderwys

Hierdie aanbeveling het ook niks met die onlusituasie te doen nie, maar het ook in die ondersoek na vore gekom en behoort die reël van praktiese onderwys te vergemaklik en te sistematiseer.

Dit is uiters noodsaaklik dat daar ook deur die praktiese onderwysorganiseerders by die opleidingsinrigting 'n stiplys en pligtestaat opgestel behoort te word. Hierdie pligtestaat en stiplys behoort sake soos die volgende in te sluit:

- * Wie moet met die kringkantore skakel, in verband met die datums vir praktiese onderwys?
- * Wanneer moet daar met die kringkantore en die skole geskakel word?
- * Wie is verantwoordelik vir die jaarlikse gegewens en die verandering daarvan vir die praktiese onderwyshandleiding?
- * Wie moet reëlins tref vir vervoer en sekuriteit?

Sonder so 'n stiplys kan dit maklik gebeur dat daar sekere aspekte ten opsigte van die reëlins van praktiese onderwys vergeet word, wat later 'n verleentheid kan skep. Vergelyk hier BYLAE D (Stiplyste vir praktiese onderwys van die PU vir CHO en Sebokeng Onderwyskollege).

4.7 Aanbeveling vir praktiese onderwys tydens onstabiele onderwystoestande

Aangesien daar verskillende grade van onstabiliteit tydens 'n onlustoestand kan heers of ontstaan, kan verskillende modelle na aanleiding van omstandighede gevolg word.

Graad van onstabiliteit 1: 'n Vermoede dat toestande nie normaal is nie.

Model wat gevolg kan word ten opsigte van (1): Skakel die skoolhoofde en kringinspekteurs, asook die veiligheidsmagte om sekerheid te verkry.

Graad van onstabiliteit 2: Daar is in die woongebiede voorvalle van onluste, maar leerlinge is by die skole teenwoordig

Model wat gevolg kan word ten opsigte van (2): Laat die ervare onderwysers die lesse evalueer.

Graad van onstabiliteit 3: Daar is geen leerlinge by skole in die woongebiede teenwoordig nie.

Model wat gevolg kan word ten opsigte van (3): Tref reëlins om plaasskole vir swart leerlinge vir praktiese onderwys te besoek.

Graad van onstabiliteit 4: Alle skole is gesluit weens onlus- en intimidasie, maar die studente is teenwoordig.

Model wat gevolg kan word ten opsigte van (4): Laat die studente vir mekaar lesse aanbied en laat dosente by die kollege die lesse evalueer.

4.8 Slotopmerking

Praktiese onderwys is en bly 'n kardinale komponent van onderwysersopleiding en moet die nodige prioriteit ontvang wat dit toekom, ook tydens 'n onlustoestand. In hierdie skripsie is die onlusituasie bespreek en die geweldige invloed wat dit op die normale praktiese onderwysreëlins by skole gehad het, toegelig. Daar is agt modelle bespreek om praktiese onderwys wel onder onstabiele onderwystoestande te struktureer. Aanbevelings is gedoen waarvolgens praktiese onderwys ingeruim sou kon word tydens verskillende grade van onstabiliteit.

Uit hierdie navorsing kan die volgende in die toekoms ondersoek word:

- * Hoe het die studente die onluste ervaar, en watter waarde het hierdie ondervinding vir hulle gehad.
- * Die belangrikheid van die opstelling van doelstellings vir praktiese onderwys ten opsigte van al die vakke wat by die opleidingsinrigting aangebied word.
- * Die doelstellings en die inhoud van 'n sinvolle taakboek vir praktiese onderwys en die evaluering daarvan.

ADAMS, H.P. & DICKEY, F.G. 1964. Basic principles of student teaching. New York: American Book Co.

BEKKER, J.H. 1967. Guide to practice teaching. Faculty of Education. Durban: University of Durban - Westville.

BEKKER, J.H. 1977. Onderwysersopleiding, met besondere verwysing na Brittanje. Durban: Universiteitskollege.

CALITZ, L.P. & NEL, C.J. 1979. Die rol en plek van 'n instituutpraktikum by die praktiese opleiding van onderwysstudente. (Referaat gelewer by die Onderwyssimposium aan die Randse Afrikaanse Universiteit, Oktober 1979.) Johannesburg.

CALITZ, L.P. 1980. Onderwyskunde en die professionele opleiding van onderwysers. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO Reeks H: nr. 70.)

